



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE gepeenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
 - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die
 - rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ✗
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD = ✗ en sien die rede/motivering/aanhaling verkeerd na ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/ aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MIT** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
 - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
 - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1: Vuvuzelas is wonderlike instrumente, maar ... [Verwerk uit: *Die Burger*, 24 Junie 2009]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • “Party mense hou van die geluid, terwyl ander dit nie kan verdra nie.” • “Maar as 'n mens van die vuvuzela praat, verwys jy eintlik na die geluid wat dit maak.” <p>(EEN SIN)</p>	1	2	1	3
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is gebruik) om stamlede bymekaar te roep. • (Dit het) stamlede bymekaar geroep. <p>(Enige EEN)</p>	1	2	1	1

1.3	<ul style="list-style-type: none"> • (Dit beteken) “om (groot) geraas te maak”. • (Dit beteken) om (groot) lawaai te maak. • (’n) blêrbuis • ’n Blaasinstrument wat ’n groot geraas maak. (Nie net <i>blaasinstrument</i> nie.) <p>(Of soortgelyk)</p>	1	2	1	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Van blik. (<i>blink</i> = spelfout – beïnvloed betekenis) • Van metaal. (<i>metal</i> = spelfout – Engels) <p>(Enige EEN)</p>	1	2	1	1
1.5.1	Onwaar	1	2	1	3
1.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Jy kan jou vreugde (oor) of teleurstelling (in jou span) (se spel) uitdruk/wys. • Jy kan ook jou vreugde (oor jou span)(se spel) uitdruk/wys. • Die hoofdoel is net om die spelers te ondersteun. <p>(Of soortgelyk. Enige iets positiefs.)</p>	1	2	1	3
1.6.1	C/die vuvuzela ’n musiekinstrument is.	1	2	1	2
1.6.2	A/die vuvuzela Suid-Afrikaners in die gees van sokker bymekaar kan bring.	1	2	1	2
1.6.3	D/die vuvuzela deel van ons kultuur is.	1	2	1	2
1.7	<ul style="list-style-type: none"> • Mnr. Blatter kies (Suid-Afrika/kultuurgroepe/vuvuzela se) kant. • Mnr. Blatter ondersteun/verstaan/gee voorkeur aan Suid-Afrika/n sekere kultuurgroep/een kultuurgroep/die sokkerkultuur. <p>(Of soortgelyk. Die kandidaat moet bewys lewer dat hy/sy verstaan dat partydigheid dui op eensydigheid; nie ander opinies in ag neem nie.)</p>	1	2	3	4
1.8	<p>Antwoord moet in EEN VOLSIN gegee word om ’n punt te verdien, byvoorbeeld:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die vuvuzela moet/mag net binne/buite die stadion geblaas/gebruik word. • Die vuvuzela in sekere areas verban word. • Daar moet ’n reël wees dat vuvuzelas net geblaas word wanneer ’n doel aangeteken word. 				

	(Of soortgelyk: dit moet duidelik uit die antwoord blyk dat die kandidaat uit die leesstuk afgelei het dat sommige mense van die vuvuzela hou en ander, o.a. oorsese besoekers, dit nie kan verdra nie. Dus die reël moet geld vir beide partye.)	1	2	2	5
1.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • Met 'n/die gezoem van bye. • (ge)zoem • bye • Die geluid/geraas van bye. • (Die soet klank van) sukses. <p>(Enige EEN)</p>	1	2	2	5
1.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is die klank van (baie) geld. • Dit verwys na die (baie) vuvuzelas wat hulle gaan verkoop. • Die lekker gevoel wat die “hulle” (“vaders” van die vuvuzela) gaan kry as hulle baie vuvuzelas verkoop/baie geld maak. • Die nuus dat die vuvuzela toegelaat gaan word en hulle geld gaan maak. <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p>	1	2	2	5
1.10.1	<ul style="list-style-type: none"> • (Dit is) 'n FEIT. (Motivering) <p style="text-align: center;">OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • (Dit is) 'n MENING. 	1	2	2	4
1.10.2	<p>Motivering vir feit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hulle het in die 1990's die vuvuzela uit plastiek gemaak. • Hulle word die “vaders” van die moderne vuvuzela genoem. <p>(Enige EEN)</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Motivering vir mening:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omdat vaders tussen aanhalingstekens is • Hulle is nie regtig die vaders nie. • Daar was reeds mense/sokkerentoesiaste wat dit uit blik gemaak het. (Dit was dus reeds moderner as koedoeerings.) <p>(Enige EEN)</p>	1	2	2	4
SUBTOTAAL: 15					

VRAAG 2: Kry jou krag terug [Verwerk uit: <i>Huisgenoot</i> , 29 Oktober 2009]					
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
2.1	<p>Die volgende in sinnetjies/net die vetgedrukte woord:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sy hare staan regop. • Die uitdrukking op sy gesig dui op skok. • Sy oë is wyd oop (gerek). • Sy mond is wyd oop (gerek). • Die straal op sy kop. • Sy wenkroue wat lig. • Hy gil/skree. <p>Die volgende net in 'n sinnetjie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dit lyk asof hy 'n geluid maak. <p>(Enige TWEE)</p>	2	2	2	3
2.2	<p>dink/werk/leer/studeer/funksioneer/reageer/optree/ konsentreer/redeneer</p> <p>(Enige EEN WOORD)</p>	1	2	1	1
2.3	C/baie hard studeer.	1	2	2	1
2.4	(As) lekkers .	1	2	2	1
2.5	<p>slimkop(pe) (<i>slim koppe</i> = aanvaar as skryffout)</p> <p>(EEN WOORD)</p>	1	2	4	3
2.6	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is meer as een betekenis van die woord "krag". • Die advertensie (praat van krag en) wys hoe die seun geskok word. • Krag beteken energie/elektrisiteit. • Dit is in hoofletters/groot letters geskryf. • Dit trek mense se aandag. • Dit staan uit. • Dit lyk anders as die ander woorde/letters. <p>(Enige EEN of soortgelyk – die woord, KRAG, lig die visuele óf die woordbetekenis uit.)</p>	1	2	4	5
SUBTOTAAL: 7					

VRAAG 3: DIE MÔRESTER [Verwerk uit: *Die Burger*, 22 Maart 2010]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
3.1	“vakansieskool” (<i>vakansie skool</i> = aanvaar as skryffout) (EEN WOORD)	1	2	1	1
3.2	<ul style="list-style-type: none"> • C/leerders wat nie betyds opdaag • D/die vakke wat leerders kanselleer (Enige EEN)	1	2	2	3
3.3	Graad 10	1	2	2	1
3.4.1	Onwaar	1	2	2	3
3.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die betaling sluit middagete, notas en ’n drasak in. • Die inskrywingsgeld sluit (ook) middagete/en ’n drasak in. • Die leerders kry (ook) middagete. • Die leerders kry (ook) ’n drasak. (Enige EEN)	1	2	2	3
3.5	C/sekere vakke nie gaan aanbied nie.	1	2	2	1
3.6.1	<ul style="list-style-type: none"> • Die leerders kan gewoon, vegetaries of halaal eet vir middagete. • Daar is ’n keuse tussen gewoon, vegetaries of halaal. • Die leerders kan kies uit drie soorte kos. • ’n Keuse van middagete (Enige EEN)	1	2	1	3
3.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die ouers/voogde moet hul handtekeninge op die vorm gee. • Die ouers/voogde moet die vorm teken. • Die ouer weet nie noodwendig nie, want die voog het (die vorm) geteken. (Enige EEN)	1	2	1	3
SUBTOTAAL: 8					

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4: HOE LYK DIE LEWENS VAN SUID-AFRIKA SE JONGMENSE?**TYDSKRIFARTIKEL [Verwerk uit: *Vrouekeur*, 14 Mei 2010]**ASSESSERINGSRIGLYNE****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. 'n Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. 'n Volsin het 'n werkwoord/ werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getal volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

PUNTETOEKENNING

ALGEMEEN	PUNTE
- Feite	7
- Taal	3
- Formaat verkeerd	Minus 1
- Getal woorde nie aangedui/verkeerd	Minus 1

TAAL	PUNTE
1 – 3 feite korrek	1
4 – 5 feite korrek	2
6 – 7 feite korrek	3

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

F	7
T	3
Ft	-0
W	-0
=	10

Hoe lyk die lewens van Suid-Afrika se jongmense?

Die kenmerke van die lewens van Suid-Afrika se jongmense.	
Direkte aanhaling	Aanhaling/Moontlike verwerking
1 Die lewens van Suid-Afrika se jongmense lyk anders as vyftig jaar gelede, soos ons uit die volgende voorbeelde kan sien.	Geen kenmerk nie. Slegs 'n inleidende opmerking.
2 Jongmense se lewens draai om tegnologie. Baie van hulle kry reeds op 9-jarige ouderdom 'n eerste selfoon. Daarsonder voel hulle verlore. As ouer mense sukkel met 'n rekenaar of nuwe selfoon, word die jonges vinnig geroep om te help.	<ul style="list-style-type: none"> • Tegnologie is baie belangrik vir jong mense. OF • Jongmense kan nie sonder tegnologie klaarkom nie. OF • Jongmense is goed met tegnologie. OF (Of soortgelyk)
3 Onderwysers kla dat leerders se luistervermoë swak is. Navorsing wys dit is omdat hulle gedurig blootgestel word aan harde klanke wat hulle gehoor affekteer. Dit kan ook wees dat hulle so gewoon daaraan is om musiek oor en oor te speel, dat hulle nie die eerste keer luister nie.	<ul style="list-style-type: none"> • Jongmense se luistervermoë is swak. OF • Jongmense kan nie goed luister nie. OF (Of soortgelyk)
4 Rekenaarspeletjies leer jongmense om kanse te waag. Hierdie speletjies leer 'n mens dat daar altyd 'n geleentheid is om weer te probeer. Maar in die regte lewe is dit nie altyd moontlik om jou foute reg te stel nie. Jongmense leer hierdeur om goed te dink voordat hulle kanse waag.	<ul style="list-style-type: none"> • Jongmense waag (maklik) kanse. OF • Jongmense dink goed voordat hulle kanse waag. OF (Of soortgelyk)
5 Die adverteerders weet hoe belangrik materiële dinge vir jongmense is. Die media maak dus seker dat hulle bekende handelsname en duur tegnologie oral adverteer. Om hierdie dinge te koop, het jongmense geld nodig. Geld speel daarom 'n groot rol in ons jongmense se lewens.	<ul style="list-style-type: none"> • Geld/Materiële dinge is belangrik vir jongmense. OF • Jongmense is materialisties. OF (Of soortgelyk)
6 Jongmense beleef deesdae traumatiese situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat.	<ul style="list-style-type: none"> • Jongmense ervaar geweld en/of sien misdaad. (of andersom)
Jongmense beleef deesdae traumatiese situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat.	<ul style="list-style-type: none"> • Jongmense is rebels.

<p>Jongmense beleef deesdae traumatiese situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Jongmense wil die land te verlaat.
<p>7 Anders as in die verlede, glo jongmense dat grootmense respek moet verdién. Respek word nie outomaties aan ouderdom gekoppel nie. Volwassenes moet dus so optree dat die jeug hulle sal respekteer.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Jongmense glo dat grootmense respek moet verdien.
<p>8 Jongmense verkies deesdae familieledede as rolmodelle. Tradisionele rolmodelle, soos sport- en rolprentsterre, is nie meer so belangrik soos in die verlede nie.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Jongmense het familieledede as rolmodelle. OF • Jongmense sien nie meer sport- of rolprentsterre as hul rolmodelle nie. OF (Of soortgelyk)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

SINSTRUKTURE

- Die **ge-** moet as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG 5: SUN SURE-produkte ADVERTENSIE [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 Februarie 2010]

	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.1	oppas/versorg/insmeer ✓	1	4	1: Gebruik sinonieme gepas.	2
5.2	kinderjare ✓	1	4	1: Vorm samestellings deur verbindingsklanke.	2
5.3	skadelike/skadelikste ✓	1	4	1: Identifiseer en gebruik woordsoorte (attributiewe byvoeglike naamwoord) akkuraat.	1
5.4	goedkoop ✓	1	4	1: Gebruik antonieme gepas.	1
5.5	Jy kan heeldag op die strand speel terwyl <i>Sun Sure</i> vir jou vel sorg . ✓ OF Jy kan heeldag speel op die strand terwyl <i>Sun Sure</i> sorg ✓ vir jou vel	1	4	2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif na die einde van die sin na die gebruik van voegwoord groep 3 .	2
5.6	Waaronder/Waar lê die kinders? ✓	1	4	2: Gebruik vraagsinne. Vraagwoord begin die vraag met vraagteken aan die einde van die sin .	1
5.7	m.a.w. ✓ (Die punte is noodsaaklik.)	1	4	1: Gebruik 'n wye verskeidenheid alledaagse afkortings.	1
5.8	lig ✓	1	4	1: Herken /onderskei homofone.	1
5.9	haar ✓	1	4	1: Gebruik persoonlike voornaamwoorde gepas.	2

5.10	<p><i>Sun Sure</i>-produkte word (deur al die kinders) gebruik. ✓ OF <i>Sun Sure</i>-produkte word gebruik (deur al die kinders). ✓ OF <i>Sun Sure</i>-produkte word gebruik. ✓</p>	1	4	1: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. Begin met voorwerp ; gebruik > word ... gebruik en deur al die kinders is opsioneel.	2
5.11	<ul style="list-style-type: none"> • Dit impliseer dat die room soos 'n sambreel is. ✓ • Dit keer die son weg/beskerm jou teen die son. ✓ • Dit neem die plek van 'n sambreel in. ✓ • Jy kan die son weer geniet. ✓ <p>(Enige EEN of soortgelyk)</p>	1	4	3: Verduidelik geïmpliseerde betekenis.	3
SUBTOTAAL: 11					

VRAAG 6: STROKIESPRENT [Verwerk uit: <i>Taalgenoot</i> , Des./Jan. 2009]					
	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
6.1	<p>Ben vra vir Basie [of hy weet ✓] [dat hulle ✓] [lede van die ATKV is. ✓] OF Ben vra vir Basie [of hy weet ✓] [dat hulle ✓] [lede is van die ATKV. ✓] OF Ben vra vir Basie [of hy weet ✓] [hulle ✓] [is lede van die ATKV. ✓] (Nasieners moet daarop let dat die woorde tussen hakies in die korrekte volgorde moet wees voordat die punt vir die voornaamwoord of werkwoord toegeken kan word).</p>	3	4	2: Gebruik indirekte rede met of (vgw 3) korrek met of sonder dat . Voornaamwoorde verander: jy > hy ;x ons > hulle ; werkwoord voor of na die voorsetselgroep	1

6.2	Ons het baie voordele gehad . ✓	1	4	2: Gebruik verlede tyd korrek. het (eerste hulpww.) tweede plek in die sin + gehad (tweede ww.) aan die einde van die sin.	2
6.3	Dit sluit nie studielenings in nie . ✓ OF Dit sluit studielenings nie in nie . ✓ OF Dit sluit geen/g'n studielenings in nie . ✓	1	4	2: Gebruik ontkennende vorm korrek. Dubbele nie: eerste nie na werkwoord/selfstandige naamwoord en 2de nie aan einde van sin .	1
6.4	C/verbaas ✓	1	4	1: Gebruik leenwoorde gepas. Eish – leenwoord uit Xhosa.	3
6.5	onderwyseres ✓	1	4	1: Gebruik geslagsvorme korrek.	1
6.6	uit ✓	1		2: Gebruik voorsetsel in vaste verbinding.	1
6.7	Hulle behoort sakke vol geld te maak . ✓	1	4	2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief, behoort ... te + ww.	2
6.8	skatryk/stinkryk ✓ (Een woord)	1	4	1: Gebruik intensiewe vorme korrek.	1
6.9	Prokureur!/? ✓ Sê liever proku...rower!/. ✓ Nee, ✓ ek wil nie studeer nie.	3	4	2: Gebruik puntuasie korrek vir beklemtoning: - uitroepteken/vraagteken - uitroepteken/punt - komma	1
6.10	Dis stereotiperend omdat hy • (wie?) (alle) prokureurs ✓ • (hoe?) as oneerlik/skelms/rowers/diewe/boewe ✓ uitbeeld.	2	4	3: Identifiseer stereotipering.	3
SUBTOTAAL: 15					

VRAAG 7: GRAPPIE [Verwerk uit: <i>Huisgenoot</i> , 25 Februarie 2010]					
	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
7.1	skilpadjie✓	1	4	1: Gebruik verkleiningsvorm korrek.	1
7.2	misbruik✓	1	4	2: Gebruik selfstandige werkwoorde korrek.	2
7.3	<p>Byvoorbeeld:</p> <p>Die man geniet sy dop. Hy kan nie sonder sy dop leef nie. Die eier se dop is wit. (eierdop) Die bottel se dop is weg. Die kind dop 'n toets. Ek dop die ertjies (uit). Die onderwyser hou ons dop.</p> <p>(Enige relevante sin waar dop iets anders beteken as 'n skilpad se dop, maar nie in die verkleiningsvorm of die meervoudsvorm nie. Samestelling word aanvaar.)</p>	1	4	1: Gee 'n ander betekenis van die woord in 'n sin.	2
7.4	C/Hy loop twee rye spore.✓	1	4	2: Gebruik 'n wye verskeidenheid figuurlike taal soos idiome gepas.	2
SUBTOTAAL: 4					

VRAAG 8: TYDSKRIFARTIKEL-OPSKRIF [Uit: <i>Huisgenoot</i> , 25 Februarie 2010]					
	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
8.1	<ul style="list-style-type: none"> • televisie • TV • beeldradio • 'n televisiestel/televisie-stel ✓ <p>(Spelling moet korrek wees)</p>	1	4	2: Gebruik 'n wye verskeidenheid figuurlike taal gepas.	2
8.2	gemolesteerde ✓	1	4	2: Gebruik deelwoorde korrek. Verlede deelwoord: ge + molesteer + de .	2
8.3	Oprah het arm grootgeword, tog het sy ✓ haar bes gedoen.	1	4	2: Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2de sin skuif in na voegwoord groep 2 .	2
8.4	Oprah sal/gaan baie mense motiveer . ✓	1	4	2: Gebruik toekomstige tyd korrek. sal na onderwerp; motiveer aan die einde van die sin.	1
8.5	<ul style="list-style-type: none"> • Niks ✓ was vir haar te moeilik nie. ✓ • iets was nie x vir haar te moeilik nie. = ✓ 	2	4	2: Gebruik ontkenkende vorm korrek. Dubbele ontkenning: iets > niks en 2de nie aan einde van sin .	2
8.6	Oprah praat elke dag (tyd) opgewonde (wyse) op die kassie (plek) ✓ oor haar suksesstorie. (Ken slegs die punt toe indien die sin volledig neergeskryf is.)	1	4	2: Gebruik gepaste woordorde in sinne. Volgorde van bywoordelike bepalings: tyd , wyse en plek .	1
8.7	moed ✓	1	4	1: Gebruik homofone gepas.	1
8.8	Glo aan jou drome! OF Glo aan jou drome. OF Jy moet aan jou drome glo! OF Jy móét aan jou drome glo . ✓	1	4	2: Gebruik verskillende sinsoorte. Bevelsin begin met werkwoord; uitroepeteken of punt aan einde van sin.	1
8.9	daarvoor ✓	1	4	2: Gebruik voornaamwoorde (aanwysend) akkuraat. vir > voor ; dit > daar .	2
SUBTOTAAL: 10					

TOTAAL AFDELING C: 40**GROOTTOTAAL: 80**

KONTROLELYS BY DIE OPSTEL EN MODERERING VAN 'N VRAESTEL.

Die suksesvolle paradigmaterskuiwing van inhoudgedrewe onderrig en toetsing na die assessering van kennis en vaardighede deur middel van die teksgerigte en kommunikatiewe benadering vereis dat al die onderliggende aspekte van die Nasionale Kurrikulumverklaring in onderrig en leer beslag sal kry.

Slutelvrae wat 'n rol sal speel in die beoordeling van toetse/assesseringstake sal die volgende wees:

KONTROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN VRAESTEL 1		
BEGINSELS	VRAE	KOMMENTAAR
1. Sosiale transformasie	✓	
2. Hoë kennis en vaardigheidsvlakke	✓	
4. Progressie	✓	
5. Artikulasie/oordraagbaar	✓	
6. Menseregte/inklusiwiteit	✓	
7. Waardering vir inheemse	✓	
8. Geloofwaardigheid/doeltreffend	✓	
Kritieke en ontwikkelingsuitkomst		
Kritieke uitkomst:		
1. Identifiseer/los probleme op	✓	
2. Werk doeltreffend in groepe	N.v.t.	
3. Selfwerkzaamheid	✓	
4. Inligting versamel/reageer	✓	
5. Kommunikeer doeltreffend	✓	
6. Gebruik teg. wet. doeltreffend	x	
7. Die wêreld as sisteem	✓	
Ontwikkelingsuitkomst		
1. Verskillende leerstrategieë	✓	
2. Verantwoordelike burgerskap	✓	
3. Kultuur/esteties sensitief	✓	
4. Beroepsmoontlikhede	✓	
5. Entrepreneurskap	✓	
LEERUITKOMS 2: LEES EN KYK		
Lees/kyk vir begrip en waardering		
• Maak voorspellings	✓	
• Identifiseer hoofgedagtes	✓	
• Ondersteunende gedagtes uitlig	✓	
• Som hoofgedagtes op	✓	
• Lei woordbetekenis uit konteks af	✓	
• Herlees vir begrip	✓	
Betekenis van verskeidenheid tekste		
• Toepaslike inligting vind	✓	
• Seleksie/weglating van inligting beïnvloed betekenis	✓	
• Onderskei tussen feite en menings	✓	
• Verskil tussen direkte en verskuilde betekenis	✓	
• Herken skrywer se standpunt	✓	
• Herken/verduidelik die impak van figuurlike taal, bv. woordspeling en metafoor	✓	
• Vergelyk skrywer se afleiding met eie	✓	
• Interpreteer grafiese teks (prent)	✓	
• Gee/motiveer persoonlike respons op teks met oortuiging	✓	

Hoe taal/beelde waardes en houdings weerspieël en vorm in tekste		
• Verduidelik die aard van partydigheid.	✓	
Verken hoofkenmerke van kreatiewe teks en verduidelik hoe betekenis deur interaksie geskep word		
• Identifiseer die impak op betekenis van tegnieke soos die gebruik van hoofopskrifte en onderskrifte.	✓	
LEERUITKOMS 4: TAAL		
Identifiseer/verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n wye verskeidenheid tekste:		
• Pas kennis toe van spelpatrone	✓	
• Gebruik alledaagse afkortings	✓	
• Gebruik woordeboek	✓	
• Afleidings en samestellings	✓	
• Geslags- en meervoudsvorme en verkleining	✓	
• Verboë vorme en intensiewe vorm	✓	
• Hoe tale van mekaar leen	✓	
• Herken/gebruik homonieme, homofone en ander verwarrende woorde	✓	
• Sinonieme en antonieme	✓	
Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel:		
• Gebruik woordsoorte soos voorsetsels, werkwoorde, voornaamwoorde akkuraat	✓	
• Gebruik deelwoorde korrek	✓	
• Gebruik verlede en toekomstige tyd korrek; ook infinitief	✓	
• Gebruik sinsoorte soos stelsin en bevelsin	✓	
• Gebruik passief/lydend gepas	✓	
• Gebruik indirekte rede korrek	✓	
• Gebruik ontkennende vorm korrek en op verskillende maniere	✓	
• Gebruik gepaste woordorde	✓	
• Gebruik punktuasie korrek vir beklemtoning	✓	
• Gebruik figuurlike taal soos idiome gepas	✓	
Ontwikkel kritiese taalbewustheid:		
• Verduidelik geïmpliseerde betekenis	✓	
• Identifiseer stereotipering	✓	



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2010

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Kyk- en leesbegrip (VRAAG 1, 2 en 3)	(30)
AFDELING B: Opsomming (VRAAG 4)	(10)
AFDELING C: Taal (VRAAG 5, 6, 7 en 8)	(40)
2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1: KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.

Vuvuzelas is wonderlike instrumente, maar ...

- 1 Daar is baie stories oor waarvandaan die vuvuzela (blêrbuis) kom. Party mense hou van die geluid terwyl ander dit nie kan verdra nie. Maar as 'n mens van die vuvuzela praat, verwys jy eintlik na die geluid wat dit maak.
- 2 Die mense sê dit lyk asof die koedoehoring die vuvuzela se oeroupa is. Ou Afrika-stamme het só 'n koedoehoring geblaas om stamlede bymekaar te roep. Later het sokkerentoesiaste dieselfde geluid probeer maak. Hulle het toe 'n blaasinstrument van blik gemaak.
- 3 In die 1990's het twee Kapenaars besluit om dié blaasinstrument van plastiek te maak. Hulle het aanhou probeer totdat die koedoehoring se klank perfek nagemaak is. Eers in 2004 het hulle die nuwe blaasinstrument geregistreer. In Zoeloe beteken dit "om groot geraas te maak".
- 4 Sokkertoeskouers hou van die vuvuzela. Daarmee kan jy jou vreugde oor of jou teleurstelling in jou span se spel uitdruk. Die hoofdoel is net om te wys dat jy die spelers ondersteun.
- 5 Shadrack Bokaba (direkteur van die Johannesburgse Filharmoniese Orkes) sê die vuvuzela verskil van die ander moderne blaasinstrumente se klanke. Die vuvuzela kan net een noot maak. Volgens Bokaba is die vuvuzela Suid-Afrika se nasionale musiekinstrument.
- 6 Judith Sephuma, bekende jazz-sangeres, sê sy is mal daaroor. Ons is Afrikane en ons mag maar geraas maak. Toe die sokkerondersteuners eenkeer in Bloemfontein saam met die geluid van die vuvuzela gesing het, was dit een van die mooiste klanke wat sy nog ooit gehoor het. Sy glo dis pret, dit bou spangees en dis ons eie.
- 7 Johan van Rensburg, van die TV-program *Noot vir Noot*, sê: "Ek stem saam dat die mense kan geesvang met die vuvuzela, maar dis beslis nie 'n musiekinstrument nie." Die vuvuzela se geluid is vir hom lelik – die onmusikaalste geluid wat hy nog ooit gehoor het.
- 8 Met die Konfederasiebeker-toernooi het mense baie geargumenteer of die vuvuzela toegelaat moet word. Veral die buitelanders het gekla oor die lawaai wat dit maak.



Die vuvuzela het die groen lig van Fifa, die wêreld sokker-beheerliggaam, gekry.

Mnr. Sepp Blatter, die president van Fifa, het gesê dit is Afrika-kultuur. Suid-Afrika gaan die 19de Fifa-Wêreldbekertoernooi aanbied en die Suid-Afrikaners moet hulle kultuur kan beoefen soveel as wat hulle wil.

- 9 Vir Neil van Schalkwyk en Beville Bachman, die “vaders” van die moderne vuvuzela, is hierdie nuus dat die vuvuzela toegelaat gaan word, soos musiek in hulle ore. Die diep gezoem van die vuvuzela is die soet klank van sukses!

[Verwerk uit: *Die Burger*, 24 Junie 2009]

- 1.1 Haal EEN SIN uit paragraaf 1 aan wat die kontras in die titel verduidelik. (1)
- 1.2 Waarvoor het ou Afrika-stamme koedoeerings gebruik? (1)
- 1.3 Wat beteken die woord “vuvuzela”? (1)
- 1.4 Waarvan het sokkerentoesiaste hul blaasinstrumente wat soos koedoeerings moes klink, gemaak? (1)
- 1.5 Die vuvuzela word slegs gebruik om vir die spelers te sê dat hulle swak speel.
- 1.5.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.5.1 uit die teks. (1)
- 1.6 Kies die sinsdeel uit KOLOM B wat die stelling in KOLOM A korrek voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.6.1	Shadrack Bokaba en Johan van Rensburg stem nie saam nie dat ...	A	die vuvuzela Suid-Afrikaners in die gees van sokker bymekaar kan bring.
1.6.2	Judith Sephuma en Johan van Rensburg stem saam dat ...	B	die vuvuzela 'n vrolike lawaai maak.
1.6.3	Sepp Blatter en Judith Sephuma stem saam dat ...	C	die vuvuzela 'n musiek-instrument is.
		D	die vuvuzela deel van ons kultuur is.

(3 x 1) (3)

- 1.7 Mnr. Sepp Blatter is *partydig* as hy sê: “ ... en die Suid-Afrikaners moet hulle kultuur kan beoefen soveel as wat hulle wil.” (Paragraaf 8)

Verduidelik waarom hierdie stelling 'n voorbeeld van mnr. Sepp Blatter se

partydigheid is. (1)

1.8 Jy wil hê dat Suid-Afrikaanse én oorsese sokkerentoesiaste die sokkerwedstryde moet geniet.

Watter reël sal jy wil maak vir die gebruik van die vuvuzela? Gee jou antwoord in EEN VOLSIN. (1)

1.9 “Die diep gezoem van die vuvuzela is die soet klank van sukses!” (Paragraaf 9)

1.9.1 Waarmee word die vuvuzela se geluid vergelyk? (1)

1.9.2 Wat is “die soet klank van sukses” vir Neil van Schalkwyk en Beville Bachman? (1)

1.10 Neil van Schalkwyk en Beville Bachman het eerste die idee vir die moderne vuvuzela gehad.

1.10.1 Is hierdie stelling 'n MENING of 'n FEIT? (1)

1.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1. (1)

[15]

EN

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees en kyk na die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

Kry jou KRAG terug

- 1 As jy moeg en dof in die kop is, doen jouself 'n guns – neem net *Turbovite*. Dit is moontlik die beste besluit wat jy ooit sal neem. Vra maar die slimkoppe!
- 2 *Turbovite* sit jou brein in 'n vinnige rat, gee energie en help jou om uit te hou en aan te hou. Of jy dus werk, studeer of speel, laat die energie met *Turbovite* vloei.
- 3 *Turbovite* is beskikbaar by apteke en uitsoekwinkels in kapsules, stroop, 'n een-'n-dag fizzy of lekkers.

WAARSKUWING:

Nie vir stompkoppe of vaakvisse nie!



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 29 Oktober 2009]

- 2.1 Kyk na die prent. Watter TWEE dinge op die seun se gesig en kop dui aan dat hy 'n elektriese skok kry? (2)
- 2.2 “*Turbovite* sit jou *brein* in 'n *vinnige rat*,” ... (Paragraaf 2)

Voltooi die volgende sin met EEN WOORD:

Turbovite laat 'n mens vinniger ...

(1)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Volgens die advertensie is *Turbovite* se teikengroep mense wat ...

- A baie energie het.
- B lang ure kan werk.
- C baie hard studeer.
- D kan uithou en aanhou. (1)

2.4 'n Mens kan *Turbovite* soos pille drink, oplos in water of as 'n stroop drink. Op watter *ander* manier maak *Turbovite* seker dat selfs kinders daarvan sal hou? (1)

2.5 “Waarskuwing: Nie vir stompkoppe of vaakvisse nie!”

Watter EEN WOORD in paragraaf 1 het die teenoorgestelde betekenis as “stompkoppe of vaakvisse”? (1)

2.6 “Kry jou KRAG terug.”

Gee 'n rede waarom die woord, KRAG, in die opskrif so effektief is. (1)
[7]

EN

VRAAG 3: INSKRYWINGSVORM

Lees die onderstaande inskrywingsvorm uit die koerant, *Die Môrester*, en beantwoord die vrae.

DIE MÔRESTER												
Vakansieskool by Hoërskool Gelvandale												
Graad 10 – 12												
Laai jou inskrywingsvorm af by www.diemorester.com												
Faks die voltooide vorm aan ons terug voor of op 12 Junie 2010												
Navrae: 021 406 2863												
Faksnommer: 021 406 3719												
PERSOONLIKE BESONDERHEDE:												
Naam en van (leerder):												
Graad:												
Naam van skool:												
Posadres (leerder):												
Poskode:												
Tel. nr.: Faksnr.:												
Keuse van middagete:												
Gewoon <input type="checkbox"/> Vegetaries <input type="checkbox"/> Halaal <input type="checkbox"/>												
VAKKE WAARVOOR JY INSKRYF (Dui duidelik aan)												
Vak	Dag wat vak aangebied word	Gr. 10	Gr. 11	Gr. 12								
Wiskunde	Ma. 29 Junie											
Lewenswetenskappe	Di. 30 Junie											
Fisiese Wetenskappe	Di. 30 Junie											
Fisiese Wetenskappe	Wo. 1 Julie											
Rekeningkunde	Wo. 1 Julie											
Rekeningkunde	Do. 2 Julie											
Wiskunde	Do. 2 Julie											
<p><i>Die Môrester</i> aanvaar geen verantwoordelikheid vir leerders wat nie opdaag of wat klasse vroeër verlaat of laat kom nie.</p> <p>Ek,(leerder se naam), aanvaar die bostaande reëling.</p> <p>Handtekening: Leerder _____ Handtekening: Ouer/Voog _____</p>												
<p>Die betaling sluit middagete, notas en 'n drasak in.</p> <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="width: 50%;">1 dag</td> <td style="width: 50%;">R270</td> </tr> <tr> <td>2 dae</td> <td>R575</td> </tr> <tr> <td>3 dae</td> <td>R780</td> </tr> <tr> <td>4 dae</td> <td>R940</td> </tr> </table>					1 dag	R270	2 dae	R575	3 dae	R780	4 dae	R940
1 dag	R270											
2 dae	R575											
3 dae	R780											
4 dae	R940											
<p>BANKINLIGTING:</p> <p>Bank: ABSA</p> <p>Rekeningnaam: Die Môrester</p> <p>Rekeningnommer: 3456789</p> <p>Takkode: 246800</p>												
[Verwerk uit: <i>Die Burger</i> , 22 Maart 2010]												

- 3.1 Haal EEN WOORD aan wat aandui dat hierdie vakke nie gedurende die skoolkwartaal onderrig word nie. (1)
- 3.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Die Môrester* is nie verantwoordelik vir ... nie.
- A leerders se middagetes
B die opstel van leermateriaal
C leerders wat nie betyds opdaag
D die vakke wat leerders kanselleer (1)
- 3.3 Watter graad gaan nie ekstra klasse in Lewenswetenskappe ontvang nie? (1)
- 3.4 Die inskrywingsgeld is net genoeg vir die *leermateriaal* wat die leerders gaan ontvang.
- 3.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 3.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.4.1. (1)
- 3.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Die Môrester* sal die leerders dadelik laat weet as hulle ...
- A die leerder se betaling ontvang het.
B die leerder se geld gaan terugbetaal.
C sekere vakke nie gaan aanbied nie.
D nie vegetariese kos gaan aanbied nie. (1)
- 3.6 Hoe weet ons dat *Die Môrester* seker maak oor die volgende:
- 3.6.1 Dat daar nie net een soort kos is nie (1)
- 3.6.2 Dat die leerders se ouers van die vakansieklasse weet (1)

[8]**TOTAAL AFDELING A: 30****EN**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4: Hoe lyk die lewens van Suid-Afrika se jongmense?**

- Som die kenmerke van die lewens van Suid-Afrika se jongmense in SEWE sinne op.
- Skryf die kenmerke in volsinne neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Hoe lyk die lewens van Suid-Afrika se jongmense?

- 1 Die lewens van Suid-Afrika se jongmense lyk anders as vyftig jaar gelede, soos ons in die volgende voorbeelde kan sien.
- 2 Jongmense se lewens draai om tegnologie. Baie van hulle kry reeds op 9-jarige ouderdom 'n eerste selfoon. Daarsonder voel hulle verlore. As ouer mense sukkel met 'n rekenaar of nuwe selfoon, word die jonges vinnig geroep om te help.
- 3 Onderwysers kla dat leerders se luistervermoë swak is. Navorsing wys dit is omdat hulle gedurig blootgestel word aan harde klanke wat hulle gehoor affekteer. Dit kan ook wees dat hulle so gewoon daaraan is om musiek oor en oor te speel, dat hulle nie die eerste keer luister nie.
- 4 Rekenaarspeletjies leer jongmense om kans te waag. Hierdie speletjies leer 'n mens dat daar altyd 'n geleentheid is om weer te probeer. Maar in die regte lewe is dit nie altyd moontlik om jou foute reg te stel nie. Jongmense leer hierdeur om goed te dink voordat hulle kans waag.
- 5 Die adverteerders weet hoe belangrik materiële dinge vir jongmense is. Die media maak dus seker dat hulle bekende handelsname en duur tegnologie oral adverteer. Om hierdie dinge te koop, het jongmense geld nodig. Geld speel daarom 'n groot rol in ons jongmense se lewens.
- 6 Jongmense beleef deesdae traumatiese situasies en sien skokkende dinge wat ouer mense nooit in hulle jong dae geken het nie. Dis asof die geweld en misdaad jongmense rebels maak teenoor die lewe. Baie jongmense glo misdaad is buite beheer en maak planne om die land te verlaat.
- 7 Anders as in die verlede, glo jongmense dat grootmense respek moet verdiën. Respek word nie outomaties aan ouderdom gekoppel nie. Volwassenes moet dus so optree dat die jeug hulle sal respekteer.
- 8 Jongmense verkies deesdae familieledes as rolmodelle. Tradisionele rolmodelle, soos sport- en rolprentsterre, is nie meer so belangrik soos in die verlede nie.

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 14 Mei 2010]

AFDELING C: TAAL**VRAAG 5: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder van *Sun Sure*-produkte gebaseer.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 Februarie 2010]

- 5.1 Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte woord.
Jy moet jou vel **beskerm**, want die son veroorsaak kanker. (1)
- 5.2 Vorm 'n samestelling van die woorde tussen hakies.
Jy moet al in jou (kind + jare) na jou vel begin kyk. (1)
- 5.3 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
Sonbrandroom is nodig om die (skadelik) sonstrale te keer. (1)
- 5.4 Gee 'n antoniem vir die vetgedrukte woord tussen hakies.
Pick 'n Pay se prys vir *Sun Sure*-produkte is (nie **duur** nie). (1)
- 5.5 Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.
Jy kan heeldag op die strand speel. *Sun Sure* sorg vir jou vel. (terwyl)
Begin so: Jy ... (1)


- 5.6 Verander die stelsin in 'n vraagsin. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.
Die kinders lê **onder die sonsambreel**. (1)
- 5.7 Gee 'n afkorting vir die vetgedrukte woorde.
Sun Sure-produkte hou jou vel veilig, **met ander woorde**, dit beskerm jou vel baie goed. (1)
- 5.8 Kies die woord met die KORREKTE spelling.
Mense behoort sonbrille te dra, want die (lig/lug) is baie skerp. (1)
- 5.9 Vul die KORREKTE voornaamwoord in.
Die dogtertjie aan die regterkant lê nie naby ... maats nie. (1)
- 5.10 Skryf die sin oor in die lydende/passiewe vorm.
Al die kinders gebruik *Sun Sure*-produkte.
Begin so: *Sun Sure*-produkte ... (1)
- 5.11 Die sambreel is met *Sun Sure*-room geteken.
Wat impliseer hierdie tekening? (1)
[11]

EN

VRAAG 6: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer. Daar is taalfoute in hierdie strokiesprent wat jy in die vrae gaan regstel.

Ben en Babsie sit aan tafel saam met hul seun, Basie. Hulle probeer Basie aanmoedig om verder te studeer.




*[ATKV: Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging]

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Des./Jan. 2009]

- 6.1 Skryf Ben se woorde oor in die indirekte rede. (Raampie 1)
“Basie, weet jy ons is lede van die ATKV?”
Begin só: Ben vra vir Basie of ... (3)
- 6.2 Skryf Babsie se woorde oor in die verlede tyd. (Raampie 1)
Ons het baie voordele. (1)
- 6.3 Skryf Babsie se woorde oor in die ontkenende vorm. (Raampie 1)
Dit sluit studieleninge in. (1)
- 6.4 Kies die KORREKTE woord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
In sy gedagtes gee Basie ’n uitroep wat hy by sy Xhosa-vriend geleer het. Hierdie woord sê dat Basie ... voel. (Raampie 1)
- A bly
B hartseer
C verbaas
D opgewonde (1)
- 6.5 Gee die teenoorgestelde geslag vir die vetgedrukte woord.
Dalk wil jy ’n **onderwyser**, ’n dokter of ’n oorspesialis word. (Raampie 2) (1)
- 6.6 Kies die KORREKTE voorsetsel.
Jy sal ’n fortuin maak (aan/uit/oor) ons Suid-Afrikaners. (Raampie 3) (1)
- 6.7 Skryf die sin oor in die infinitief.
Hulle maak sakke vol geld. (Raampie 4)
Begin so: Hulle behoort ... (1)
- 6.8 Skryf die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord.
Ja-nee, jy kan **ryk** word. (Raampie 4) (1)
- 6.9 Skryf die DRIE sinne oor en vul die ontbrekende leestekens in. (Raampie 6)
Prokureur Sê liever proku...rower Nee ek wil nie studeer nie. (3)
- 6.10 Verduidelik waarom Basie se woorde in raampie 6 stereotiperend is. (2)
[15]

VRAAG 7: GRAPPIE

Die taalvrae wat volg, is op die grappie hieronder gebaseer.



7.1 Gee die verkleinwoord van die woord tussen hakies:

Hoe weet jy die (skilpad) is 'n alkoholis? (1)

7.2 Kies die regte werkwoord tussen hakies.

'n Alkoholis (gebruik/misbruik/verbruik) alkohol omdat hy of sy te veel drink. (1)

7.3 Gebruik die vetgedrukte woord in 'n sin sodat dit 'n ander betekenis het.

Die skilpad se **dop** is sy huis; die skilpad kan nie daarsonder leef nie. (1)

7.4 Kies die idioom wat dieselfde beteken as die volgende sin:

Hy is dronk.

- A Hy loop twee lang spore.
- B Hy trap in sy diep spore.
- C Hy loop twee rye spore.
- D Hy trap twee diep spore.

(1)
[4]

EN

VRAAG 8: TYDSKRIFARTIKEL-OPSKRIF

Die taalvrae wat volg, is op die opskrif hieronder gebaseer.

OPRAH WINFREY

**bekende aanbieder
op die kassie**



[Verwerk van: *Internef*]

- 8.1 Waarna verwys die woord “kassie” in die konteks van hierdie opskrif? (1)
- 8.2 Gee die KORREKTE deelwoord vir die woorde tussen hakies.
Sy was ’n (wat gemolesteer is) kind. (1)
- 8.3 Skryf die sin oor en vervang die vetgedrukte woord met die voegwoord “tog”.
Oprah het arm grootgeword, **maar** sy het haar bes gedoen. (1)
- 8.4 Skryf die volgende sin oor in die toekomstige tyd.
Oprah motiveer baie mense. (1)
- 8.5 Skryf die sin oor in die ontkenende vorm.
Iets was vir haar te moeilik. (2)
- 8.6 Skryf die sin oor en rangskik die woorde tussen hakies in die KORREKTE volgorde.
Oprah praat (op die kassie/opgewonde/elke dag) oor haar suksesstorie. (1)
- 8.7 Kies die KORREKTE spelling.
Ek wens ek het so baie (moed/moet) soos Oprah gehad. (1)

8.8 Skryf die sin oor as 'n bevelsin.

Jy moet aan jou drome glo.

(1)

8.9 Skryf die regte vorm van die voornaamwoord tussen hakies neer.

Jy kan jou drome bereik as jy bereid is om hard (vir + dit) te werk.

(1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye plus 'n rubriek.

INHOUDSOPGAWE

- Die kandidate beantwoord TWEE vrae van altesaam 70 punte.
- Die kandidate beantwoord EEN vraag oor elkeen van die TWEE soorte tekste wat behandel is.
- Die kandidate beantwoord TWEE gedigte (17½ punte x 2) indien AFDELING D gekies is.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 1: <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 3: <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 5: <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 7: <i>Poppie – die drama</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: <i>Poppie – die drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 9: <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAG 11: <i>Die werksmanne van Slovoville</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: <i>Ek is jammer</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord vrae oor enige TWEE van die gedigte.

VRAAG 13: <i>Life vannie jobless</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: <i>Skipskop</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: <i>Talle tonge</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: <i>My siel, Pa</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Die kandidaat mag nie twee vrae oor dieselfde genre beantwoord nie. In so 'n geval word net die eerste antwoord nagesien.
- By die opstelvraag moet voorsiening gemaak word vir dialektiese verskeidenheid.
- As 'n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek 'n streep deur die ander gedig/gedigte.
- Waar 'n kandidaat twee antwoorde i.p.v. net een antwoord gee, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord geïgnoreer.
- Waar 'n kandidaat meer antwoorde aanbied as wat vereis word:
 - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
 - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens volgorde van die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. Indien nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat die kandidaat hom-/haarself penaliseer. Laat 'n oorskreiding van 'n maksimum van 50 woorde toe as die opstel te lank is en ignoreer die res.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag 'n aanhaling vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
 - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die
 - rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ✗
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD = ✗ en die rede/motivering/aanhaling verdien nie 'n punt nie ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar. Indien dit, bv. 'n Engelse woord is, word die kandidaat nie gepenaliseer indien daardie woord vereis word nie.
- Halwe punte word nie na die voorblad oorgedra nie. Daar kan 'n halwe punt binne in die antwoordboek wees. Moenie die totaal uit 35 oorskrei nie.
- Antwoorde op vrae wat 'n eie opinie vereis, moet met die teks verband hou.
- Indien rofwerk/bepanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien 'n poging in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: OPSTELVRAAG*****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee*****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Saul as 'n oproerling (bl. 32)**

- Saul het die bloubokkie se kop oopgekap om te kyk hoe die gal in sy kop gesit het.
- Toe Saul die gal op die gewone plek kry, het hy gewonder of die grootmense die lieg geglo het of opsetlik vir hom gelieg het.
- Dit was hier waar die eerste weerbarstigheid/tekens van oproerling in hom losgekom het.
- Saul het besef oom Anneries glo die lieg en lieg vir Saul toe hy vertel hoe die honde die bokkie gejaag het dat die gal in sy oë geloop het.
- Saul het besef sy pa glo ook die leuen of lieg opsetlik vir hom toe hy vir Saul stilgemaak het toe hy sê die gal sit nie in die bokkie se kop nie. (Bl. 32)
- Saul het besef Jozef glo die lieg toe hy hom vir Saul vererg toe Saul vir Jozef vertel dat die gal nie in die bloubokkie se kop sit nie. (Bl. 37)
- Saul ontdek al hoe meer dinge vir homself en bevraagteken hierdie dinge dan telkens. (Tuin/hof van Eden; Bybel, ens.)

Saul as 'n opstandeling (bl. 67)

- Saul het geweier om die kalender te kap.
- Saul het geglo die boom was lewendig en kon pyn voel.
- Saul het respek vir die boom wat al so lank gestaan het.
- Joram het Saul geslaan totdat hy die boom gekap het.
- Saul kom in opstand teen ouerlike gesag (jongbul-dae).

Saul as 'n weggejaagde (bl. 99)

- Saul wou weet waarom Joram nie opgestaan het teen MacDonald wat hulle so gekul het met die hout nie.
- Saul se pa het geglo hy het geen keuse nie; hy moet die hout aflaa.
- Saul se pa het geglo hulle was niks anders as houtkappers nie.
- Saul het gesien die pad wat die houtkappers loop, gaan nêrens uitkom nie.
- Joram het vir Saul weggejaag omdat dit vir hom gelyk het asof die Bos nie meer goed genoeg vir Saul was nie.

Saul as 'n verraaier (bl. 105)

- Op Kersdag het Saul se familie olifantlewer geëet toe hy by hulle in die Bos gaan kuier het.
- Jozef het gedink dat Saul op hulle kom spioeneer en dat Saul hulle gaan verkla het.

- Saul het besef sy familie het hom nou as verraaier gebrandmerk.
- Toe Saul gaan goud delf, is hy ook as 'n verraaier beskou omdat hy nie meer hout wil kap nie.
- Arend se dood dra daartoe by dat Saul as verraaier gebrandmerk word: hy het "vreemdes" die Bos ingebring.
- Oral in die Bos word hy as verraaier beskou.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
10		16		9

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

- 2.1 14 (jaar) (1)
- 2.2 Charles Dickens (1)
- 2.3
- Saul moes (vir twee jaar) **vir MacDonald werk sonder betaling** (om sy pa se skuld af te betaal).
 - Kate het die ooreenkoms tussen Saul en Dickens raakgesien.
 - Kate was 'n romantiese persoonlikheid en dis waarom sy vir Saul so kon romantiseer as boekkarakter.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.4.1 Onwaar (1)
- 2.4.2
- Saul wou net nie meer 'n houtkapper/boswerker wees wat 'n pad loop wat nêrens heen lei nie.
 - Saul wou nie deel hê aan die verdere uitroei van die bos nie.
 - Die boswaens het vir Saul 'n doodlooppad gesimboliseer.
 - Saul wou wegkom van die houtkopers se uitbuiting van die houtkappers – aanvaar nie die slegte behandeling nie.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.5
- Saul wou nie aanvaar dat sy pa geen keuse gehad het toe MacDonald hom die stinkhout teen 'n lae prys laat aflaai het nie. ✓
 - goodfors
 - pa wat kruip voor houtkopers/hy bly stil
 - skuld is te veel/bly te veel
 - Saul het kwaad geword toe Jozef voorgestel het hulle moet olifante skiet om geld te maak. ✓
 - Saul het gesê hy loop nie meer 'n pad wat nêrens heen lei nie./Joram wil langer met Saul redeneer as hy nie wil saamwerk nie. ✓
- (Kandidaat mag al drie merkers vir een punt elk noem of uitbrei op die eerste punt.) (3)

- 2.6 D/Arend dood was en Saul geglo het dit was MacDonald se skuld. (1)
- 2.7.1 C/Groot Eiland (1)
- 2.7.2 D/Diepwalles (1)
- 2.7.3 B/Krisjan-se-Nek (1)
- 2.7.4 A/Meulbosstroom (1)
- 2.8
- Hulle/Die boswerkers was bygelowig.
 - Die boswerkers het geglo jy roep die dood aan as jy die woord gebruik/jy het nie respek vir die dood nie.
- (Of soortgelyk) (1)
- 2.9
- Patterson
 - Die man wat MacDonald saam met Saul Bos toe gestuur het om te gaan kyk of daar goud in die Bos was.
- (Enige EEN) (1)
- 2.10 Patterson moes gaan kyk of daar (rif)goud in die Bos was. (1)
- 2.11
- Jozef het Saul **beskuldig** dat hy gaan uitpraat het dat hulle **olifante geskiet** het. ✓
 - Jozef het Saul **blameer** dat hulle pa **hof toe** moes gaan en 'n os verloor het omdat hulle olifante geskiet het. ✓
- (2)
- 2.12.1 pan (1)
- 2.12.2 storie (1)
- 2.12.3 goudgrawer (1)
- 2.12.4 duiwel (1)
- 2.13
- B/Kate het vir Saul gesoebat om haar in die Bos weg te steek. ✓
 C/Saul het sy pa probeer ompraat om saam met hom goud te delf. ✓
 A/Saul het vir hom 'n stuk grond afgemerkt waar hy gaan delf het. ✓
- (3)
- 2.14.1 Waar (1)
- 2.14.2
- Kate het vir Saul geld aangebied om 'n erf te koop.
 - Kate het dit vir Saul moontlik gemaak om sy eie houtbesigheid te kon begin.
 - Kate het dit vir Saul en sy familie moontlik gemaak om uiteindelik uit die skewe sirkel te kom.
- (Enige EEN) (1)

- 2.15
- C/tevrede
 - D/vry
- (Enige EEN) (1)
- 2.16 Maska/sy hartbroer (1)
- 2.17
- Joram het bome geken/Hy het homself 'n houtkapper genoem. ✓
 - Dis ironies dat dit juis 'n boom was wat sy dood veroorsaak het. ✓
- (Antwoord moet die verwagting én die vervulling aandui.) (2)
- 2.18
- Die hek verwys na die **dinge/standpunte/opinies/idees** waaroor hy en sy pa **nooit saamgestem** het nie.
 - Hulle kon mekaar nie bereik nie.
- (Enige EEN) (1)
- 2.19
- Hy kon saam met Saul gaan **goud delf** het.
 - Hy kon bereid wees om te praat (in die hof) en te luister (na wat die Bybel sê).
 - Hy kon **erken dat die bloubokkie se gal nie in sy kop sit nie**.
 - Hy kon **standpunt inneem teen die houtkopers**.
- (Enige TWEE of soortgelyk) (2)
- 2.20
- Mens moet dinge wat pla, uitpraat/oplos/uitsorteer.
 - Die dood maak dit vir altyd te laat.
- (Enige EEN of soortgelyk. Die kandidaat moet spesifiek verwys na 'n onopgeloste kwessie aan die een kant óf na die dood wat finaliteit bring.) (1)
- [35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5

VRAAG 3: OPSTELVRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Hanna se ouers

- Hanna het 'n mallerige ma, Mana, wat skilder.
- Mana wou 'n kind hê, maar nie 'n man nie. Toe het Mana haar gay woonstelmaat, Gavin, gevra om 'n baba te verwek. Mana het selfs met Gavin getrou om die familie tevrede te stel.
- Hanna se ma het geglo dit was sleg vir 'n mens om normaal te wees.
- Mana het daarvan gehou dat Hanna haar op haar naam genoem het.
- Mana het anders aangetrek en het verkwaste in haar hare gesteek. Sy het nie 'n rooi mond of pers ooglede nodig om raakgesien te word nie. Mana se twee vorige mans, volgens Beyers, was 'n moffie en 'n proefbuis. Met Mana se tweede kind het sy oorsee gegaan en 'n proefbuisbaba gehad. Mana het haar derde baba eers Dit genoem.
- Gavin, Hanna se pa, was gay en hy het meer grimering as Hanna se ma gedra.
- Gavin het peroksiedhare.
- Gavin het vir Hanna slangvellangbroeke uit Londen gestuur.
- Gavin is anders en dans op tafels by 'n begrafnis.

Hanna se eie broer

- Mana wou nog 'n kind hê, maar nie nog 'n man nie.
- Sy het toe oorsee gegaan en die gevolg was Tibo, Hanna se agtjarige boetie.
- Hy is 'n proefbuisbaba.
- Tibo speel pop.
- Mana glo nie aan rolle vir seuns en meisies nie.

Hanna-hulle se gesinslewe

- Hanna het geglo haar ingewikkelde gesinslewe het haar van haar maats onderskei.
- Hanna het vas geglo sy is by geboorte omgeruil.
- Hanna was die enigste een in die huishouding wat ooit betyds klaar was vir enigiets.
- Yann was haar 16-jarige stiefbroer wat geglo het dit was sleg vir 'n mens se gesondheid om *nice* te wees.
- Beyers, Hanna se stiefpa, was akteur, radio-omroeper, televisie-aanbieder, voorleser by kunsfeeste en seremoniemeester by konferensies.
- Hanna voel haar ma se huwelik met Beyers was die beste ding wat nog ooit met Mana kon gebeur het.
- Hanna se ongewone gesin lei tot haar skryf van verskillende genres.
- Sy oorweeg unieke name vir die baba.
- Hulle honde se name was Pampoer en Patat.

Die wittebrood

- Mana het besluit sy wou 'n wittebrood saam met al haar kinders, stiefkinders en ongebore kind hou.
- Hulle het vir drie weke na 'n verlate huis op 'n verlate berg gegaan om mekaar beter te leer ken. Daar was geen elektrisiteit of moderne geriewe nie.
- Beyers se eks-vrou, Hanna se pa, Gavin en 'n vriendin was ook daar.
- Hulle het konsert gehou om hul aandag van die reën af te trek. (Tango)
- Mana se baba is tydens hierdie wittebrood gebore.
- Hulle het tydens die baba se geboorte musiek uit die kombi gemaak.
- 'n Interessante verjaarsdagpartytjie.

- Hulle het ongewone speletjies gespeel.
- Hulle het groot drama ervaar toe hulle vasgekeer is.
- Redding met 'n helikopter.
- Hanna word gegrimeer en is nie meer vaal nie.
- Ontdekking van Hanna self.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
10		16		9

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

- 4.1
- Hy het 'n wit syhemp by 'n wit langbroek gedra. ✓
 - Hy het 'n titseltjie grimering gedra. ✓
 - Hy was so "glamorous" dat 'n mens amper vergeet het om na die bruid te kyk. ✓
- (3)
- 4.2 B/Gavin vir 15 jaar nooit regtig deel van haar verjaardae was nie. (1)
- 4.3 Hy was 'n mode-ontwerper. (1)
- 4.4
- Sy het nie modieus/nie flambojant aangetrek nie.
 - Sy het nie haar hare gekleur nie/vaal meisie
 - Sy het nie lyfjuwele of ander juwele gedra nie.
- (Enige EEN) (1)
- 4.5.1 Onwaar (1)
- 4.5.2
- Daar **was 'n modeskou in die Kaap** gedurende die naweek van haar verjaardag; daarom kon hy 'n rukkie langer bly om Hanna se verjaardag saam met haar te vier.
 - Hy het van die Kaap af gery.
- (Enige EEN) (1)
- 4.6 Positiewe (1)
- 4.7
- Margot (Jan en Amos se ma) ✓ en
 - Gavin (Hanna se pa). ✓
- (2)
- 4.8
- Gavin het dit reggekry om vir Margot tydelik van haar dilemma te laat vergeet.
 - Gavin het vir Margot geleer om te wees wie sy is/Gavin het vir Margot geleer om haarself te aanvaar.
 - Gavin en Margot het die tango saamgedans – 'n bewys dat hulle kon saamwerk.
- (Enige EEN) (1)

- 4.9 Fabienne/Pascal (1)
- 4.10
- Sy was lief vir Hanna.
 - Sy het vir Hanna aanvaar net soos sy was.
 - Sy het haar troos en simpatie gegee.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.11.1 Nee.
- Hy het self gesê sy was perfek toe sy gebore is.
 - Hy het haar 'n *fabulous creature* genoem.
 - Hy het haar styl as klassiek erken en het dit so aanvaar.
 - Hy het aanvaar sy was nie 'n modeslaaf nie.
- (Enige EEN) (1)
- 4.11.2 Ja.
- Hy het almal (met die konsert wat hy georganiseer het) bemoedig toe dit gelyk het of hulle moedeloos geraak het.
 - Hy het 'n diskodans gedemonstreer om Margot se seuns se aandag van hul ma af te lei nadat sy vertrek het.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.12.1 C/Margot (1)
- 4.12.2 E/Sharon (1)
- 4.12.3 A/Tibo (1)
- 4.12.4 D/Beyers (1)
- 4.13.1 Hanna (1)
- 4.13.2 verbeelding (1)
- 4.13.3 gesin (1)
- 4.13.4 alter ego (1)
- 4.14.1 Onwaar (1)
- 4.14.2 Haar wens vir haar sussie was dat sy nooit in haar lewe moes seerkry nie. (1)
- 4.15 Ditjie/Dit (1)
- 4.16 Amanzi of Manzi (1)
- 4.17 oorstroming (1)
- 4.18 B/Sharon se ouers wat by die vakansiehuis opgedaag het. (1)

4.19 C/Die gesin het konsert gehou. ✓
 B/Die reën het opgehou. ✓
 A/Die baba is gebore. ✓ (3)

- 4.20
- Hanna ✓ het my geleer dat ek myself moes aanvaar soos ek is. ✓
 - Mana ✓ het my geleer om nie seksisties of stereotopies te dink nie. ✓
 - Margot ✓ het my geleer dat noodsituasies dikwels 'n ander sy van mense na vore bring. ✓
 - Beyers/Mana ✓ het my geleer dat stiefverhoudings positief kan wees. ✓
 - Sharon ✓ het my geleer dat materiële dinge nie al is wat in die lewe tel nie. ✓
 - Fabienne ✓ het my geleer dat jy jou familie moet aanvaar/nie jaloers moet wees nie.

(Enige EEN of soortgelyk)

(2)
[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
17		14		4

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM

Schalk se rol in Jacob se hartseer oor Magrietjie du Plessis

- Jacob was 23 en hy en Magrietjie was lief vir mekaar.
- Een aand het Skalla haar aangerand.
- Magrietjie se pa, 'n treindrywer, het van die trein afgespring om haar te help.
- Magrietjie se pa se voet het vasgehaak en hy het onder die trein beland.
- Gerbrand van Wyk wat dit gesien het, is deur Hermanus Blanckenberg betaal om stil te bly en die dorp te verlaat.
- Magrietjie het in 'n gestig (Stikland) beland.
- Jacob was amper van sy kop af en dis hoe hy twee maande na die insident op Meeuland beland het.
- Jacob sukkel juis met interpersoonlike verhoudinge en Margrietjie is van hom weggeneem. Hy het dus onttrek na haar dood.

Schalk se rol in Jacob se hartseer oor Janka toe sy vir Kersvader gewag het

- Schalk het naby Meeuland kreef gesteel.
- Janka was op die jettie om vir Kersvader te wag.
- Jacob het die enjin van 'n boot gehoor en met sy geweer uitgehardloop, maar hy het nie geweet Janka was daar nie.

- Jacob het 'n skoot in die rigting van die boot gevuur.
- Schalk wat in die boot was, het teruggeskiet en vir Janka raakgeskiet.
- Janka se rugmurg was beskadig en sy sou moontlik verlam wees.
- Weer die stryd tussen Blanckenberg en Jacob.

Schalk se rol in Fred se hartseer oor Sheila

- Schalk was dronk toe hy en Sheila in 'n ongeluk betrokke was.
- Na die ongeluk was Sheila verlam.
- Fred het vir Schalk blameer en het gesê dat dit Schalk se skuld was dat hy nie 'n normale huwelik kon hê nie.
- Fred het sy troos by ander vrouens gaan soek en hy onttrek hom van sy gesin.

Schalk se rol in Ryna se hartseer oor haar man en seun

- Ryna se man, Vincent, en sy vriend Henning van Hagen, was betrokke in 'n smokkelary saam met Schalk.
- Vincent het finansiële probleme gehad.
- Daar was vier miljoen rand se kokaïen in Ryna-hulle se kelder weggesteek.
- Op 'n dag het Vincent na bewering hulle seun Ronnie en homself geskiet.
- Daar was 'n brand in die huis en deur die rook het Ryna 'n lang blonde man gesien.
- Die tatoeëermerk op sy arm was 'n anker waardeur 'n slang gekronkel het.
- Hy het 'n rooi band om sy voorkop gehad.
- Later het Ryna onthou dat dit Schalk was.
- **SLOT:** Die bespreking word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
10		16		9

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

- 6.1
- haar toekoms
 - haar besluit oor die toekoms/of sy by die Instituut wou werk of weggaan.
 - 'n nuwe begin/haar lewe verander
- (Enige EEN) (1)
- 6.2.1 Vincent (1)
- 6.2.2 geskiet (1)
- 6.2.3 anker (1)
- 6.2.4 Schalk (1)
- 6.3 Sy was 'n kunsjuffrou/kunsonderwyseres. (1)
- 6.4.1
- Op Meeuland
 - 'n Guano-eiland
- (Enige EEN) (1)

- 6.4.2 • Sy het navorsing gedoen.
 • Sy het 'n boek (oor kusvoëls) geskryf.
 • Sy het die voëls geteken.
 (Enige EEN) (1)
- 6.4.3 drie jaar (1)
- 6.4.4 Camilla Calvin
 (Moet naam en van hê.) (1)
- 6.5 B/die voëlvrou. (1)
- 6.6 • Vir Schalk. ✓
 • Sheila is verlam in die ongeluk wat Schalk gemaak het (toe hy dronk was). ✓ (2)
- 6.7 • My saak is my saak.
 • Dit is my saak.
 (Enige EEN) (1)
- 6.8 • Terwyl hy met Sheila, by wie hy twee kinders het, getroud was, was hy ontrou aan haar.
 • Hy het 'n kind by Veronica (Kinnie) verwek/gehad.
 • Na Sheila se selfmoord, het hy skelm vir Elsabet ontmoet wat nog getroud was met Jacob.
 • Terwyl Fred met Elsabet getroud was, het hy 'n verhouding met Jackie gehad en het haar gereeld in die Kaap ontmoet.
 • Hy het gekonkel met die verkiesing.
 (Enige DRIE voorbeelde wat Fred se onbetroubaarheid uitbeeld) (3)
- 6.9.1 Waar (1)
- 6.9.2 Tjops Tredoux het vermoed dat Matthys die (te klein/ondermaat) kreef (rooi koekies) waarmee hy gesmokkel het in die kis versteek/gehad het. (Bl. 8) (1)
- 6.10.1 Onwaar (1)
- 6.10.2 • Schalk het Fred se geheime geken en hom afgepers.
 • Schalk was 'n verleentheid vir Fred.
 • Fred het vir Schalk gehaat oor wat Schalk aan Sheila gedoen het.
 • Fred het geweet Schalk is nie op die dorp om hom te ondersteun in die verkiesing nie.
 (Enige EEN) (1)
- 6.11 C/Veronica het Fred se huis besoek. ✓
 A/Sheila het selfmoord gepleeg. ✓
 B/Skalla het vir Fred afgepers. ✓ (3)
- 6.12 A/die Meeulanders baie aan die verlede teruggedink het. (1)
- 6.13.1 D/Fred (1)

- 6.13.2 C/Schalk (1)
- 6.13.3 E/Jacob (1)
- 6.13.4 B/Matthys (1)
- 6.14
- Sy was swanger ✓
 - met Fred ✓se kind. (2)
- 6.15.1 tronk (1)
- 6.15.2 die *Meeuw* (1)
- 6.16 Sy het meeue geteken. (1)
- 6.17
- In die ses jaar dat Ryna op die Weskus was, het sy haar hartseer verwerk en vir Jacob liefgekry.
 - Sy was lief vir Jacob en sy was bereid om vir hom te wag totdat hy sy tronkstraf uitgedien het.
- (Enige EEN) (1)
- [35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
17		13		5

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Die probleme wat begin het toe sy met Stone getrou het

- Drie jaar na Poppie se troue met Stone, het die nuus gekom dat Xhosa-mense Lambertsbaai moes verlaat.
- Die mans kon bly, maar vrouens en kinders moes weggaan na waar hulle vandaan gekom het of by ander plekke gaan werk soek het.
- Die munisipaliteit het die huise afgebrand nadat die polisie al die goed uitgedra het.
- Poppie het later alleen in die straat agtergebly en sy is 'n keer gevang en polisiestatie toe geneem.
- Haar ouers was reeds weg en sy het na hulle verlang.

- Sy wou nie graag vir Stone agterlaat nie.

Poppie se probleme met pasverlengings in die Kaap

- Toe Poppie in die Kaap kom, het sy vir die eerste keer gehoor van die pasbesigheid.
- Daar was nie behoorlike blyplek vir Poppie nie en sy het besluit om te gaan werk.
- Poppie se eerste werk was by 'n kwekery waar sy baie hard moes werk vir net ses pond per maand.
- Hoedjie het vir Poppie aangeraai om papiere (pas) te kry sodat sy nie uitgebuit word nie.
- Toe het Poppie se permitprobleme begin: sy het elke keer net 'n verlenging van haar permit gekry.
- Toe het die nuwe wet gekom dat papiere/permitte met pasboekies vervang moes word.
- Met haar werk by mev. Swanepoel was sy eintlik onwettig daar.
- Elke keer as Poppie 'n nuwe werk gekry het, moes sy haar pas gaan verander.
- Toe Poppie as gevolg van haar man se siekte vir ses maande nie kon werk nie, het Mr Strydom vir haar gesê sy moes Ciskei toe gaan omdat sy met 'n Ciskeise burger getroud was.
- Poppie moes wegkruip vir die polisie omdat sy geen verlenging vir haar pas kon kry nie.

Poppie wat Mdantsane toe gegaan het

- Poppie moes kies tussen drie plekke in die Ciskei en het toe op Mdantsane besluit.
- Sy moes sonder Stone daarheen gaan.
- Sy het vreemd gevoel en het na haar mense verlang.
- Bonsile het 'n meisie swanger gemaak terwyl hulle in Mdantsane gewoon het.
- Poppie het tyding gekry dat Stone baie siek was/dood was.
- Poppie het gevoel haar mense het haar vergeet.
- Stone kon eers na 2 jaar vir hulle in Mdantsane gaan kuier.
- Sy het die kinders in die skool gekry.
- Stone het gereeld geld vir haar en die kinders gestuur.

Poppie wat na Stone se dood teruggegaan het Kaap toe

- Poppie het besluit om haar groter kinders in Mdantsane en Herschel agter te laat en in die Kaap te gaan werk.
- Daar was meer geld in die Kaap om vir die kinders te sorg na Stone se dood.
- Poppie het werk gekry by mev. Swanepoel in die Kaap.
- Mev. Swanepoel se man het dit reggekry om Poppie se pas reg te kry sodat sy in die Kaap kon bly.
- Poppie het gedink dis beter om haar kinders uit die Kaap te hou toe die opstande kom, maar sy was verkeerd.
- Aan die einde van die drama het Poppie besef dis die pad waarop die Here haar voete gesit het en het sy agtergekom dat haar kinders die pad moes loop wat vir hulle bestem was.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
10		16		9

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- 8.1
- By haar skoonouers op Herschel
 - Herschel
- (Enige EEN) (1)
- 8.2
- Poppie het gehoop sy sou haar kinders uit die moeilikheid kon hou deur hulle op skool te hou.
 - Poppie het selfs alleen saam met haar kinders in Mdantsane gaan bly.
 - Poppie het ook haar kinders by haar skoonfamilie laat bly.
 - Poppie het hard gewerk om haar kinders skool toe te laat gaan.
 - Poppie het Bonsile alleen in Oos-Londen/Mdantsane laat agterbly toe sy terug Kaap toe is.
- (Enige DRIE) (3)
- 8.3
- Poppie het probleme met haar pas/permit gehad.
 - Poppie is gedwing om haar familie en man, Stone, te verlaat
 - Sy het alleen in die vreemde gaan bly.
 - Poppie se eerste seun, Themba, is oorlede.
 - Poppie moes haar gevestigde bestaan in Lambertsbaai verlaat.
 - Poppie moes vir 7 jaar toustaan om haar pas te verleng.
 - Stone het siek geword a.g.v. sy werk by die melkery en Poppie moes dus die kinders onderhou.
 - Vukile se dood.
 - Bonsile en Nomvula is gevang.
- (Enige TWEE) (2)
- 8.4.1
- Nie meer opstande/bakleiere nie.
 - "Rus" kan ook daarna verwys dat sy smag na 'n lewe sonder swaarkry.
- (Enige EEN) (1)
- 8.4.2
- Nee.
Poppie moes aanvaar dat haar kinders sou aanhou stry./Bonsile en Nomvula is gevang en was toe deel van die stryd.
 - Ja.
Sy hoef nie meer te stry nie; haar kinders sal daarmee voortgaan.
- (Enige EEN) (1)
- 8.5
- Die bakleiere binne die gemeenskap (teen migrants/shebeens)
 - Die Soweto onluste/rebellie van 1976.
- (Enige EEN) (1)
- 8.6
- B/Sisi, Jakkie is gevang! Hy't gister saam gemarch met die kinders in die stad. ✓
C/Is jy geslaat? Sê vir jou Mama, is jy deur die poeliesse geslaat? ✓
A/Dan's ons almal saam in die jail, Mama. ✓ (3)

- 8.7.1 kinders (1)
- 8.7.2 migrants (1)
- 8.7.3 polisie (1)
- 8.7.4 Jakkie (1)
- 8.8.1
- Daar is petrolbomme in die huis gegooi.
 - Die huise om hulle het gebrand.
 - Poppie se huis is met klippe bestook.
- (Enige EEN) (1)
- 8.8.2
- Gugulethu toe
 - na Mosie se huis (in Gugulethu)
- (Enige EEN) (1)
- 8.8.3
- Hy is deur 'n klip teen die kop getref.
 - Hy het gesterf.
- (Enige EEN) (1)
- 8.8.4
- Vukile se naam beteken op(ge)staan/wakker geword. ✓
 - Dis ironies dat hy toe moes sterf. ✓
- Hy moes die familienaam voortsit✓, maar is dood toe hy maar 2 jaar oud was.✓ (NOT ON MEMO SENT OUT)** (2)
- 8.9 D/wou nie ophou drank verkoop nie. (1)
- 8.10.1 Onwaar (1)
- 8.10.2
- Die kinders het hulle families verbied om Kersgeskenke te koop.
 - Die kinders het hulle families verbied om Kersfees te vier.
- (Enige EEN) (1)
- 8.11.1 E/Mr. Stevens (1)
- 8.11.2 C/Mosie (1)
- 8.11.3 A/Jakkie (1)
- 8.11.4 B/Poppie (1)
- 8.12.1 Onwaar (1)
- 8.12.2
- Bonsile moes Jakkie help om oor die grens te kom.
 - Die polisie het vir Bonsile gevang.
- (Enige EEN) (1)
- 8.13
- Ja.

Baie mense het al huise ✓ en goeie werksgeleenthede ✓ gekry.

- Nee.
Daar is nog te veel mense wat sonder huise sit ✓ en die werkloosheidsyfer is ook nog baie hoog. ✓

(Enige EEN)

(2)

- 8.14
- Ja.
Dit is die enigste manier waarop 'n mens die regering se aandag kry.
(Of soortgelyk)

- Nee.
Geweld kan niks oplos nie – dit vernietig net meer en meer.
(Of soortgelyk)

(Enige EEN)

(1)

8.15 D/Jakkalsvlei

(1)

- 8.16
- Ja.
Poppie moes weet waar om die streep te trek – Poppie moes nie haarself in doen ter wille van haar kinders nie.
(Of soortgelyk)

- Nee.
Poppie het geweet haar kinders moes deur haar versorg word en dat hulle geregtig was op net die beste.
(Of soortgelyk)

(Enige EEN)

(1)

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
18		12		5

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

PALJAS – Chris Barnard

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM

Die probleme tussen Katrien en Hendrik

- Hendrik het in die romantiese verlede geleef en geweier om die hede te aanvaar. Katrien het gevoel hy verstaan haar nie.
- Katrien en Hendrik het nie oor hulle probleme gekommunikeer nie.

- Hendrik was jaloers en het Katrien van 'n verhouding verdink.
- Katrien het dikwels met Hendrik baklei oor hoe hy met die kinders gewerk het.
- Hendrik het hom uitgeleef op die stasie waar hy in beheer was, maar Katrien het gevoel sy word geïsoleer en sy het vasgevang gevoel.
- Willem was so geraak deur sy huislike omstandighede dat hy opgehou praat het.
- Katrien en Hendrik het in twee aparte beddens geslaap.
- Hulle het gereeld rondgetrek en moes elke keer opnuut aanpas.
- Die ouers se verhouding beïnvloed Emma se verhouding met mans.

Willem se spraakprobleem

- Willem was so geraak deur sy huislike omstandighede dat hy opgehou praat het.
- Die dokter het geglo dit was Hendrik se skuld omdat hy alles reg wou raas.
- Die dokter het gesê Willem wou graag praat, maar hy het geskrik vir iets of hy was bang.
- Willem se spraakgebrek het die simbool van die gebrek aan kommunikasie tussen die gesinslede geword.
- Dit simboliseer die gebrek aan vreugde en begrip in die gesin.
- Hulle het verlear om met mekaar te praat en saam te lag en te speel.

Die probleme tussen Emma en Nollie

- Emma was skepties oor die liefde.
- Sy wou nie soos haar ma, Katrien, vereensaam het nie.
- Emma vertrou nie mans nie.
- Sy het nie daarvan gehou dat Frans by haar ma kom kuier nie.
- Die paljas begin stadig in hulle verhouding werk.
- Nollie bly geduldig en staan by die gesin.

Die koms van die nar

- Manuel, die nar, het sy paljas/toorgoed gebruik om Willem weer te laat lag en praat.
- Die nar se toorgoed maak ook die ander gesinslede se lewens reg.
- Hendrik en Katrien was weer liefdevol teenoor mekaar.
- Emma het weer begin klavier speel en was nie meer so negatief teenoor Nollie nie.
- Die gemeenskap het hulle begin aanvaar.
- Hy wen Willem se vertrou.
- Hy bou Willem se selfvertroue om hom take te gee.
- Hy leer vir Willem toertjies en laat hom slim voel.
- Bied onvoorwaardelike aanvaarding en dat mense uniek is en 'n eie identiteit het.
- Willem praat weer.
- Die nar se invloed werk deur Willem na die gesin.
- Willem hoef nie meer saam met sy ouers in dieselfde kamer te slaap nie.
- Haar ouers wat gelukkig is, beïnvloed Emma se houding teenoor die liefde.
- Emma is meer ontvanklik vir Nollie.
- Frans is nie meer 'n bedreiging vir Katrien en Hendrik se huwelik nie.
- Katrien soek nie meer opwinding elders nie.
- Die betekenis van die naam, Manuel, wat redder beteken.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
10		16		9

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**PALJAS - Chris Barnard**

- 10.1 • B/verwikkeling
 • C/krisis
 (Enige EEN) (1)
- 10.2 snaakse dinge by die McDonalds gebeur het (1)
- 10.3 • “bog” ✓ (als bog = ✕)
 • “nonsens” ✓
 (TWEE APARTE WOORDE) (2)
- 10.4 Jan Mol (1)
- 10.5.1 (Jan Mol was self op die McDonalds se werf, maar) hy het toe agterna **sy eie stories opgemaak oor wat hy daar gesien het.** (1)
- 10.5.2 Hy het vertel hy het ’n altaar gesien en hoe hulle geoffer het. (1)
- 10.6 • **Hendrik het dit self vir die manne vertel** (toe hulle die dag daar opgedaag het nadat Hendrik vir Willem by die polisie as vermis aangegee het).
 • Die sersant het dit in die dorp versprei.
 (Enige EEN) (1)
- 10.7 • Hy het ’n muntstuk uit sy sakdoek weggetoor.
 • Die geld agter sy oor uitgehaal.
 • Hy het hulle sakdoeke aanmekaar getoor.
 • Hy het ’n eier uit sy mond getoor.
 • Hy het gekleurde balletjies uit sy mond getoor.
 (Enige TWEE). (2)
- 10.8.1 Waar (1)
- 10.8.2 • Oudokter het gesê dis Hendrik se skuld dat Willem nie wou praat nie
 • Oudokter het geglo dit was omdat Hendrik alles wou reg raas dat Willem opgehou praat het.
 (Enige EEN) (1)
- 10.9.1 Onwaar (1)
- 10.9.2 Dis die nar wat vir Willem laat praat het. (1)

- 10.10.1 bevooroordeeld (1)
- 10.10.2 vyandig (1)
- 10.10.3 verdedig (1)
- 10.10.4 paljas (1)
- 10.11
- Daar was **helder tekeninge/die bont sirkels/kruise/vierkante** op die muur. ✓
 - Op die tafelblad was **leutande die skedel van 'n bobbejaan**. ✓
 - Daar was **as en kole** in die vuurmaakplek wat **soos 'n altaar gelyk** het. ✓
- (EEN van elk moet genoem word) (3)
- 10.12
- Hy was bang hulle kry vir Manuel daar.
 - Hy was bang hulle sou vir Manuel seermaak.
- (Enige EEN) (1)
- 10.13 Moet noem van nie beskaafd wees nie en 'n insident koppel:
- Jan Mol en sy vriende was onbeskaafd toe hulle Manuel by die kerk uitgejaag het.
 - Jan Mol en sy vriende het nie soos kerkmense opgetree nie toe hulle Manuel by die kerk uitgejaag het.
 - Jan Mol en sy vriende het onbeskaafd opgetree toe hulle met Frans baklei het.
 - Jan Mol en sy vriende was onbeskaafd toe hulle die McDonalds by die Volstruisdans met eiers gegooi het.
- (Enige EEN) (2)
- 10.14 verlief was op Katrien (1)
- 10.15. Eie respons. In die respons moet die gevoel gegee én gemotiveer word, bv.
- Ek is kwaad vir hulle ✓ (gevoel)
 - omdat die manne die gesin verneder het. ✓ (motivering)
- (2)
- 10.16 C/Willem het weer begin praat. ✓
B/Die nar het Toorwater verlaat. ✓
A/Die Volstruisdans het plaasgevind. ✓ (3)
- 10.17 C/gesien het dat die gebeure by die Volstruisdans onnodig was. (1)
- 10.18.1 B/Dit was droog en hard. (1)
- 10.18.2 A/Dit het 'n mens gevange gehou. (1)
- 10.18.3 D/Dit was 'n speelplek wat ontdek moes word. (1)
- 10.18.4 C/Dit was 'n veilige plek om Katrien weg te steek. (1)

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		18		3

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

DIE WERKSMANNE VAN SLOVOVILLE – Johnny Masilela

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. Die leerders hoef nie al die feite te voorsien nie. Hulle kan oorsigtelik oor alles of intensief oor enkele skryf. Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM

Hoe Jeremiah die mense om hom gemotiveer het

- Jeremiah het die mense van Slovoville bymekaargeroep/toegespreek.
- Jeremiah wou die mense oorreed/motiveer om 'n skool vir die kinders van Slovoville te bou.
- Jeremiah het 'n hoed in die rondte gestuur en gesê enige geld (een rand of twee rand) sou help.
- Die mans en vrouens het met aandag na Jeremiah geluister al was dit warm en omtrent almal het geld ingegooi.
- Jeremiah het die mense laat praat oor hoe die geld gebruik gaan word.
- Almal kry spreekbeurte - kookus./Die vergadering is sinvol beheer; geen deurmekaarspul nie.
- Jeremiah het realisties oor die projek gebly en het aan die mense verduidelik van die droom wat oopgesny en platgeslaan kon word vir sinkplate.
- Die spreker se oupa het vir Jeremiah ondersteun en gesê dat almal wat daar was, die werk moes doen.
- Op hierdie manier het Jeremiah die gemeenskap se mense verantwoordelik gemaak vir hierdie projek.
- Jeremiah het die projek die Gemeenskapskool genoem. Die projek is na hom vernoem.

Hoe hy met die bouprojek gehelp het

- Jeremiah het die mense oorgehaal/oortuig/gesê om tweedehandse materiaal bymekaar te maak om die bouprojek so goedkoop as moontlik te maak. Jeremiah het die mense gewaarsku om nie nuwe bakstene te koop nie.
- Jeremiah het sy trok vir hulle geleen om die swaar materiaal na die erf te vervoer.
- Rommel is bymekaargemaak waar die mense in die steenhuse hulle rommel neergegooi het.

Wat hy bereid was om te offer/aan te bied

- Jeremiah was 'n oud-nagwag en bied dus aan om saans wag te staan.

- Jeremiah was ook 'n trokdrywer en het die materiaal aangery.
- Jeremiah het sy droom vir Slovoville met die gemeenskap gedeel.

Hoe sy dood alles verander het

- Jeremiah het sy lewe opgeoffer vir dit waarin hy geglo het.
- Jeremiah het gesterf daar waar die skool alreeds vorm aangeneem het.
- Jeremiah het die gemeenskap laat beseef dat hulle vir 'n droom moes werk.
- Jeremiah het die gemeenskap laat saamwerk.
- Jeremiah se dood het die gemeenskap verslae gelaat.
- Die gemeenskap was leierloos en sonder gereedskap.
- Die gemeenskap het nou nie meer motivering nie.
- Dit was ironies dat die mense wat hom vermoor het, waarskynlik van dieselfde gemeenskap was.

SLOT : Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
10		16		9

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

EK IS JAMMER – EKM Dido

- 12.1
- Die graf het toe 'n marmarblad gehad.
 - Die graf was opgemaak.
 - Grafsteen was op.
 - Die grond was nou gelyk.
- (Enige EEN) (1)
- 12.2 A/vir altyd sal ons jou onthou (1)
- 12.3 A/ontsteld
B/mismoedig
- (Enige EEN) (1)
- 12.4
- Charlie wou nie sê wat die predikante oor die dooies gesê het nie.
 - Charlie was te langdradig.
 - Charlie kon nie tot die punt kom nie.
 - Hy wou weet wat die predikante sê
- (Ken die punt toe ongeag of die kandidaat die vraag beantwoord het.)** (1)
- 12.5 **of dooie mense kan hoor** (wat mense gesê het, al was hulle nie op aarde nie) (1)
- 12.6
- (Hy wou weet of dit waar was, want) **dan kon Dingo hoor wat hy wou sê.**
 - Dan kon hy vir Dingo jammer sê.
- (Enige EEN) (1)

- 12.7.1 dooies
- Ons aanvaar nie net “dood” nie.**
- (WOORD) (1)
- 12.7.2
- uit respek vir Dingo
 - wou hom nie seermaak nie
 - Dingo sou nie daarvan hou nie
- (Enige EEN) (1)
- 12.8 Ja.
- Mike **sou rustig gevoel het** (as hy geweet het Dingo kon hoor toe hy gesê het dat hy jammer was).
 - Mike **sou minder skuldig gevoel het** (as hy geweet het Dingo kon hoor toe hy gesê het dat hy jammer was).
 - Dingo sou kon hoor toe hy gesê het dat hy **jammer** was.
- (Enige EEN) (1)
- 12.9
- Charlie was verveeld. ✓
 - Hy wou die TV-kanaal verander. ✓
 - Charlie wou nie na die program luister nie. ✓
- (3)
- 12.10.1
- Dis Charlie wat aangehou het dat Dingo die hit (dwelms) moes vat.
 - Hy het die dwelms gegee.
- (Enige EEN) (1)
- 12.10.2
- Mike was by Dingo, maar hy **het nie gaan hulp soek nie.**
 - weggehardloop/in die steek gelaat.
- (Enige EEN) (1)
- 12.11.1
- C/Mike
 - A/Charlie
- (Enige EEN) (1)
- 12.11.2
- E/John
 - A/Charlie
- (Enige EEN) (1)
- 12.11.3 A/Charlie (1)
- 12.11.4
- D/Mike se pa
 - C/Mike
- (Enige EEN) (1)
- 12.12.1 Waar (1)

- 12.12.2
- Charlie het weggesteek dat hy dwelms gebruik.
 - Die tante het nie geweet dat Charlie sonder toestemming van die skool af wegbly nie.
 - **Sit langs haar terwyl hy onder die invloed van dwelms is.**
- (Enige EEN) (1)
- 12.13.1 geheim (1)
- 12.13.2 gemeenskap (1)
- 12.13.3 dwelmmiddels (1)
- 12.13.4 jeugbiduur (1)
- 12.14
- C/Dingo het gekla dat hy sleg gevoel het. ✓
 A/Almal het vir Dingo gespot omdat hy dronk gelyk het. ✓
 B/Dingo het sy ma geroep. ✓
- WAS CHANGED TO: (Gauteng kept to the original memo)**
 C/Dingo het gekla dat hy sleg gevoel het.
 B/Dingo het sy ma geroep.
 A/Almal het vir Dingo gespot omdat hy dronk gelyk het. (3)
- 12.15 selfoon (1)
- 12.16.1 Onwaar = nie lafaard (1)
 Waar = lafaard
- 12.16.2 ONWAAR se motivering:
- Mike was dapper om sy geheim met Charlie te deel.
 - Mike was dapper om uiteindelik met die waarheid uit te kom.
 - Hy is dapper om sy vriendskap op die spel te plaas met die waarheid.
 - Hy wou maar net sy skuld las afgooi.
- (Enige EEN)
- WAAR se motivering:
- Hy het te lank geneem om sy aandeel te bely.
 - Hy het weggehardloop.
 - Net om 'n geheim te bely, maak nie van jou 'n dapper mens nie.
 - Mike bely voor Charlie en nie voor die ander mense nie.
- (Enige EEN) (1)
- 12.17
- Charlie was verbaas.
 - Charlie het dit nie verwag nie.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.18
- Charlie het hom aanvaar/vergewe.

- Charlie verstaan sy posisie./Sal daar wees vir hom.
- Charlie sal hom bystaan. /Sal daar wees vir hom.
- Charlie het hom getroos.
- Hulle deel die skuld.

(Enige EEN of soortgelyk)

(1)

12.19

- Die titel bied 'n verskoning aan ✓, maar
- Dingo kon nie hoor toe hulle sê dat hulle jammer was nie. ✓

OF

- In die titel word net na een persoon ✓ verwys wat jammer is, maar
- uiteindelik was daar meer as een persoon skuldig. ✓

(Enige EEN)

(2)

12.20

Jy moet jou vriende reg kies.

(1)

(Die klem MOET op die *keuse* van vriende val.)**[35]**

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
14		18		3

TOTAAL AFDELING C: 35**AFDELING D: GEDIGTE****VERSJOERNAAL****VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG*****Life vannie jobless* – Magmoed Martin**

- 13.1
- Kaapse taal/Kaaps
 - Kaapse Afrikaans
 - Kaapse dialek

(Enige EEN)

(½)

13.2 het die spreker uiteindelik sy situasie aanvaar

(1)

13.3.1 werklose

(1)

13.3.2 selfbeeld

(1)

13.3.3 gesin

(1)

13.4.1 C/werkgewers

(1)

13.4.2 A/kinders

(1)

13.4.3 B/werkloses

(1)

- 13.5 • rejection
 • verwerping

 (Enige EEN WOORD) (1)
- 13.6 • Hy het sy geld op telefoonoproepe gemors **wat op niks uitloop nie.**
 • Hy het werk gesoek **wat op niks uitgeloop het nie.**
 • Hy het sy geld op treingeld gemors na werksplekke vir onderhoude.
 • Hy kry nie werk nie.
 • Al sy soekery was verniet.

 (Enige EEN) (1)
- 13.7.1 Waar (1)
- 13.7.2 • kostafels
 • melk

 (Enige EEN WOORD) (1)
- 13.8 C/vernedering (1)
- 13.9 C/het hy maar begin drink en dwelms gebruik. (1)
- 13.10 Eie opinie, maar die antwoord moet dit duidelik maak watter rol werk in 'n mens se bepaling van jou eiewaarde speel of die belangrikheid daarvan om 'n vaste werk/inkomste te hê, bv.

 • 'n Vaste werk gee 'n mens die gevoel van eiewaarde.
 • 'n Vaste werk doen baie vir 'n mens se selfbeeld.
 • 'n Mens moet jou werk oppas en waardeer.
 • Dis 'n voorreg om 'n vaste werk/inkomste te hê.
 • Iets positief

 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 13.11 • ryk mense
 • mense wat geld het

 (Enige EEN) (1)
- 13.12 Beslis nie./Nee.

 Die skrywer het maar net op voorbeelde van die gevolge van werkloosheid gewys.

 (Of soortgelyk) (1)
- 13.13 gevoel het dat God hom verlaat het (1)
[17½]

VLAKE 1	VLAKE 2	VLAKE 3	VLAKE 4	VLAKE 5
5 ½		10		2

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG***So long skipskop – David Kramer***

- 14.1 • 'n Inwoner van die plek, Skipskop.
 • Iemand wat moes oppak/trek.
 • Overberg se mens
 (Enige EEN) (½)
- 14.2.1 Onwaar (1)
- 14.2.2 • Hulle het gewonder wanneer al die dinge gaan ophou.
 • wanneer hou die dinge op
 • Hulle het gedink dit gaan net swaarkry bring.
 • swaarkry lê net voor
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 14.3 self moes dra (1)
- 14.4 • 3/drie (oupa, pa, ek)
 • 4/vier (oupa, pa, ek, kleintjies)
 (Enige EEN) (1)
- 14.5.1 gedoop (1)
- 14.5.2 weer (1)
- 14.6 • Die hoop het bestaan dat hulle weer na Skipskop sou kon terugkeer.
 • Dis die Kaapse manier van groet/praat.
 (Enige EEN) (1)
- 14.7.1 D/omgekeerde woordorde (1)
- 14.7.2 A/alliterasie (1)
- 14.7.3 • B/metafoor
 • A/alliterasie én B/metafoor
 (Enige EEN, maar nie A/alliterasie alleen nie) (1)
- 14.8 • Dit was soos die mense van Skipskop gepraat het.
 • Dis Kaapse Afrikaans/dialek.
 (Enige EEN) (1)
- 14.9 B/deurmekaar (1)
- 14.10 Nee.
 • Hulle moes hulle bootjies verkoop.

- Hulle moes weg van die see af.
- Hulle moes oor die blou berge.

(Enige EEN) (1)

14.11 A/paarrym. (1)

14.12.1 Die persoon (regering/soldaat/amptenaar) wat vir hulle kom sê het om te trek. (1)

- 14.12.2
- Die mense van Skipskop wou net seker maak dat hulle reg gehoor/verstaan het.
 - Hulle wou doodseker maak waarheen hulle wou gaan.
 - Daardeur het hulle gewys hoe onseker hulle was.
 - Hulle het gehoop hulle hoor verkeerd.
 - Hulle het gehoop dis 'n misverstand.
 - Hulle wou speel vir tyd.

(Enige EEN) (1)

- 14.13
- Hy wou die luisteraar/leser se aandag op die onregverdigheid van **die verskuiwing** van Skipskop se mense vestig – **inlig**.
 - Hy wou **protesteer** teen die verskuiwing.
 - Hy wou **simpatie wek** vir die mense van Skipskop.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
4½		11		2

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Talle tonge – Mathews Phosa

15.1 baie/verskeie/meer as een/verskillende/vele/baie soorte (½)

15.2 vergelyking (1)

15.3 Elke keer as jy praat, kan jy net een van hierdie tonge op een oomblik gebruik.

(Of soortgelyk) (1)

15.4.1 C/Positief (1)

15.4.2 D/Seergemaak (1)

15.4.3 A/Negatief en ontevrede (1)

15.5 smaak (= sintuig)
(Aanvaar NIE *proe* NIE) (1)

15.6.1 Iemand het iets gesê wat jou vreeslik seergemaak het/wat jou klein/

vernederd laat voel het/afbreek/kwets/hartseer maak

(Enige iets negatiefs)

(1)

15.6.2 Die kandidaat moet hier wys dat hy/sy weet dat “skend” daarop neerkom dat dit wat gesê word,

- 'n letsel laat
- nie gou vergeet word nie
- vir altyd onthou word,
- byvoorbeeld: Met daardie vet lyf/lelike vel sal jy nooit iemand kry wat van jou hou nie.

(Enige EEN)

(1)

15.7 A/bly jy stil.

(1)

15.8.1 Onwaar

(1)

15.8.2

- maak die tong suur
- dit brand

(Enige EEN)

(1)

15.9 keep

(EEN WOORD)

(1)

15.10 verskillend gebruik kan word

(1)

15.11.1 sny

(1)

15.11.2 self

(1)

15.12 D/versigtig te wees oor hoe ons ons tong gebruik.

(1)

15.13 Dit leer my om te dink voor ek praat.

(Of soortgelyk)

(1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
	5½	11		1

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG***My siel, Pa – Marie van Rensburg***

- 16.1 'n seun/(skool)seun/leerder/leerling/die pa se kind/die pa se seun (½)
- 16.2.1 Waar (1)
- 16.2.2 Strofe 1.
- Die seun het gevoel al die prestasies wurg hom.
 - Hoeveel ekstra vakke, Pa?
 - Al die prestasies was soos 'n galgtou om sy nek.
 - galgtou oor my kop
 - Sy siel is belangriker as al die prestasies.
 - En my siel, Pa ... Kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
- (Enige EEN of soortgelyk óf kandidaat kon aanhaal) (1)
- 16.3.1 B/Atletiek (1)
- 16.3.2 D/Rugby (1)
- 16.3.3 A/Akademie (1)
- 16.4
- Die spreker vergelyk die pa se **ewebeeld** ✓ met
 - 'n **donker kleed** ✓ wat om die seun hang. (2)
- 16.5 B/voetbesering (1)
- 16.6 menswees (1)
- 16.7 geëwenaar
- (EEN WOORD) (1)
- 16.8 probleme vir sy ouers gee (1)
- 16.9
- B/moedeloosheid
 - C/depressie
- (Enige EEN) (1)
- 16.10.1 ellips (1)
- 16.10.2 retoriese vraag (1)
- 16.11 Die kern van hierdie antwoord is dat die pa **te veel van sy seun verwag** het en in die tweede plek **met niks tevrede** was nie, bv.

- Die pa het te veel van sy seun verwag.
- Die pa eis te veel.
- Die pa kry die eer.
- Die pa ontnem sy seun van 'n eie identiteit.
- Die pa was nie tevrede met enige van sy seun se prestasies nie.

(Enige TWEE of soortgelyk)

(2)

- 16.12
- Die seun kon besluit om glad nie meer aan sport deel te neem nie.
 - Die seun kon sport begin haat.
 - Die seun kon negatief raak teenoor sport.
 - Die seun se hart sou nie meer in sy sport wees nie.

(Of soortgelyk)

(1)

[17½]

VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
6½		8		3

TOTAAL AFDELING D: 35**GROOTTOTAAL: 70**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2010

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.
3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman	(35)
AFDELING B: Drama	(35)
AFDELING C: Kortverhale	(35)
AFDELING D: Gedigte	(35)
4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste **wat julle in die klas** behandel het.
5. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle gedoen het en **kies die tipe vraag** wat jy wil doen, byvoorbeeld die opstelvraag/kontekstuele vraag.
6. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle gedoen het.
7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
10. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.
11. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

- Beantwoord TWEE vrae van altesaam 70 punte.
- Beantwoord EEN vraag oor elkeen van die TWEE soorte tekste wat jy vanjaar gedoen het.
- Beantwoord TWEE gedigte (17½ punte x 2) indien jy AFDELING D kies.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 1: <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 2: <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 3: <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 4: <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 5: <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 6: <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord ENIGE EEN vraag.

VRAAG 7: <i>Poppie – die drama</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 8: <i>Poppie – die drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte
OF		
VRAAG 9: <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 10: <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAG 11: <i>Die werksmanne van Slovoville</i>	Opstelvraag	35 punte
OF		
VRAAG 12: <i>Ek is jammer</i>	Kontekstuele vraag	35 punte

OF

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord vrae oor enige TWEE van die gedigte.

VRAAG 13: <i>Life vannie jobless</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 14: <i>Skipskop</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 15: <i>Talle tonge</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte
OF		
VRAAG 16: <i>My siel, Pa</i>	Kontekstuele vraag	17½ punte

AFDELING A: ROMAN**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 1: OPSTELVRAAG*****KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel hoe Saul Barnard se eie mense hom gebrandmerk het. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

Saul as 'n ...

- oproerling
- opstandeling
- weggejaagde
- verraaiër

[35]**OF****VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG*****KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Kate
2	Sy was 'n droom. 'n Kind wat met haar kop in storieboeke
3	geleef het, met haar verbeelding vir haar mense uit die stories
4	gehaal en hulle met vlees en bloed aangetrek het. Soos hy. Oor
5	'n jaar of twee, wanneer sy groot is, sal sy haar storieboekmense
6	afsterf en sal sy agter kanthandskoentjies saam met die ander
7	van haar soort giggel as die boswaens die dorp inkom. Maar
8	Saul Barnard sal nie op die wa wees nie. Dit sweer hy.
9	Hy het sy pa-hulle die volgende dag tussen die Knysna en
10	die Homtini gekry. Bokant Krisjan-se-Nek.
11	“Sanna het gesê Pa-hulle kap hierdie kant toe.”
12	“Ja. Ons gaan saans huis toe.”
13	Jozef en Izak het by die staankuil gesaag en die tweemansaag
14	het net 'n oomblik vasgesteek toe hulle hom groet. Ou Anneries
15	het darem met die hand kom groet.
16	“Ek is weg by MacDonald, Pa.” Die reuk van stinkhout het
17	in die lug gehang. Sy pa het opgekyk maar niks gesê nie. “Ek is
18	terug in die Bos.” Op die staankuil het die saag egalig tussen
19	Jozef en Izak gesnork.
20	Daar was 'n tamheid in sy pa. “Arend van Martiens Botha is
21	gister by Diepwalle gebêre. Sy siel is nie meer op die aarde nie.”
22	“Ek het gehoor, Pa.”

2.1 Hoe oud was Saul toe hy vir Kate vir die eerste keer gesien het? (1)

2.2 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Saul was ook een van Kate se storieboekmense. Kate het vir Saul hulle eie (David Copperfield/Charles Dickens) genoem. (1)

2.3 Waarom het Kate vir Saul een van haar storieboekmense gemaak? (1)

2.4 Saul het gesweer hy sou nie op een van die boswaens wees nie, want hy het hom vir sy familie geskaam.

2.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.4.1. Verwys na Saul se andersheid. (1)

2.5 In reël 16 – 17 sê Saul: “Ek is weg by MacDonald, Pa.’ Die reuk van stinkhout het in die lug gehang.”

Die reuk van stinkhout in hierdie situasie, kon vir Saul laat dink het aan daardie dag, twee jaar gelede, toe Joram hom weggejaag het.

Verduidelik wat gebeur het dat Joram vir Saul daardie tyd weggejaag het. Gee DRIE feite. (3)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Saul is weg by MacDonald omdat ...

- A MacDonald uitgevind het dat Kate Sondaie by Saul kuier.
- B Saul op die kaai na die skepe gekyk het en nie gewerk het nie.
- C die boscense hom beskuldig het dat hy hulle verraai het.
- D Arend dood was en Saul geglo het dit was MacDonald se skuld. (1)

2.7 Kies die plek uit KOLOM B wat pas by die gebeurtenis in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (2.7.1 – 2.7.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.7.1 Hier het Saul vir Sanna gekry.	A Meulbosstroom
2.7.2 Hier het Saul se grootouers gewoon.	B Krisjan-se-Nek
2.7.3 Hier is Saul gebore.	C Groot Eiland
2.7.4 Hier het Saul vir goud gedelf.	D Diepwalle
	E Gouna

(4 x 1) (4)

- 2.8 Waarom het Joram, Saul se pa, nie die woord “dood” in reël 21 gebruik nie? (1)
- 2.9 Watter vreemdeling het Arend vir Saul uit die Bos help dra? (1)
- 2.10 Hoekom het MacDonald vir Patterson Bos toe gestuur? (1)
- 2.11 Jozef het Saul nie baie vriendelik gegroet nie. Ons kon Jozef se houding verstaan as ons terugdink aan die eerste Kersfees nadat Saul die Bos verlaat het.
Wat het daardie Kersfees tussen Saul en Jozef gebeur? Gee TWEE feite. (2)
- 2.12 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (2.12.1 – 2.12.4) en die antwoord neer.
- | |
|--|
| <p>storie; geweer; goudgrawer; pan; skelm; duiwel; delwers</p> |
|--|
- Oom Anneries was die enigste een wat in Saul belanggestel het toe Saul by sy pa-hulle aankom.
- Oom Anneries was nuuskierig om meer te weet van die (2.12.1) ... wat Saul by hom gehad het toe hy by sy pa-hulle aangekom het. Saul se pa het nie belanggestel nie en het gesê die ontdekking van goud was net 'n (2.12.2) Hy het reguit gesê hy is 'n houtkapper en nie 'n (2.12.3) ... nie. Hy het geglo Saul het die (2.12.4) ... in die Bos ingebring. (4)
- 2.13 Rangskik, in die KORREKTE volgorde, die gebeure vandat Saul weg is by MacDonald. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) en die korrekte volgorde van die gebeure neer.
- A Saul het vir hom 'n stuk grond afgemerkt waar hy gaan delf het.
B Kate het vir Saul gesoebat om haar in die Bos weg te steek.
C Saul het sy pa probeer ompraat om saam met hom goud te delf. (3)
- 2.14 Saul was verkeerd om te dink dat Kate net 'n droom was. Sy het die hoop gebring dat Saul se familieledede nie meer hout aan die houtkopers lewer nie.
- 2.14.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 2.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.14.1. Verwys na die slot van die verhaal. (1)
- 2.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Toe Saul na hierdie besoek aan sy familie daar weggestap het, het hy ... gevoel.
- A skuldig
B bang
C tevrede
D vry (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Saul het omgedraai en water toe geloop. Hy was naer. Dat
 2 dit Joram Barnard se einde moes wees! Here, dat dit hóm moes
 3 oorkom.
 4 Tussen hom en sy pa was 'n hek wat nooit wou oop nie.
 5 Hulle moes met die hek tussen hulle leef omdat die een nie na
 6 die ander se kant wou oorklim nie.

- 2.16 Wie het vir Saul hierdie nuus van sy pa se dood gebring? (1)
- 2.17 Waarom was Joram se dood ironies? Noem TWEE feite. (2)
- 2.18 Wat het Saul bedoel toe hy gepraat het van 'n "hek" tussen hom en sy pa? (1)
- 2.19 "Hulle moes met die hek tussen hulle leef omdat die een nie na die ander se kant wou oorklim nie." (Reëls 5 en 6)
- Noem TWEE maniere waarop Joram oor die "hek" sou kon klim as hy wou. (2)
- 2.20 Wat leer hierdie hartseer gebeurtenis van Joram se dood vir ons oor verhoudings tussen kinders en hulle ouers? (1)
- [35]**

OF

VRAAG 3: OPSTELVRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

Die titel van hierdie roman verwys na 'n karakter, Hanna Hoekom, wat ongelooflike avonture beleef het.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel wat die hoofkarakter in hierdie roman se lewe so ongelooflik avontuurlik gemaak het. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Hanna se ouers
- Hanna se eie broer
- Hanna-hulle se gesinslewe
- Die wittebrood

[35]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver***

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Gavin is my pa. Hy dra meer grimering as my ma. Nee, nou laat
 2 ek hom soos 'n drag queen klink. Hy hou van 'n bietjie maskara
 3 as hy saans uitgaan, dis al.

- 4.1 Gavin was anders as ander pa's. Gee DRIE feite oor hoe Gavin op sy troufoto met Hanna se ma gelyk het. (3)
- 4.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Vir Hanna was die woord "pappa" 'n onbekende begrip omdat ...
- A haar pa gesê het dat hy 'n homoseksuele persoon is.
 B Gavin vir 15 jaar nooit regtig deel van haar verjaardae was nie.
 C Mana nie daarin geglo het dat daar spesifieke rolle moes wees nie.
 D Hanna haar nog altyd vir haar pa geskaam het. (1)
- 4.3 Watter tipe werk het Hanna se pa, Gavin, gedoen? (1)
- 4.4 Gee EEN rede waarom Hanna geglo het dat sy 'n groot teleurstelling vir haar pa was. (1)
- 4.5 Vir Hanna se vyftiende verjaardag het Gavin spesiaal van Johannesburg af gekom om by haar te wees.
- 4.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 4.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.5.1 in EEN sin. (1)
- 4.6 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
- Mana het geglo dat Gavin 'n begrafnis in 'n fees kon verander. Dit beteken dat Gavin 'n (positiewe/negatiewe) houding het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Gavin daag nie voor middagete op nie. Ook nie ná middagete nie.
2	Teen laatmiddag, toe dit begin skemer word en die reën steeds
3	troosteloos uit die lae wolke sif, besef ek dat hy sy gesonde ver-
4	stand gebruik het en die besoek afgestel het.
5	Dis 'n besef wat my ongelooflik verlig laat voel. Dit sou nie ge-
6	werk het nie. Twéé queens saam in 'n huis soos hierdie sou 'n
7	katastrofe gewees het.

4.7 Wie sou volgens Hanna, die twee “queens” saam in die huis wees? (Reël 6) (2)

4.8 Hanna was verkeerd toe sy gedink het dat die twee “queens” saam in een huis nie sou uitwerk nie.

Watter insident tydens die konsert dui aan dat Hanna verkeerd was? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	“Daar het jy dit nou, Mana,” sê Gavin met 'n breë glimlag. “Jy
2	moes na my geluister het!”
3	“Wel, dis nou 'n bietjie laat vir 'n naamsverandering.” My ma vat
4	vertroostend aan my arm. “Vir my sal jy altyd my liefste ou Hanna
5	Hoekom bly.”

4.9 Watter naam wou Gavin graag vir Hanna gee? (1)

4.10 Hoe het Mana oor Hanna gevoel toe sy gesê het: “Vir my sal jy altyd my liefste ou Hanna Hoekom bly”? (Reëls 4 en 5) (1)

4.11 Stem jy saam, nadat jy die roman klaar gelees het, dat:

4.11.1 Hanna 'n groot teleurstelling vir haar “trendy” pa was? Motiveer jou antwoord uit gebeure later in die roman. (1)

4.11.2 Gavin 'n begrafnis in 'n fees kon verander? Motiveer jou antwoord uit gebeure later in die roman. (1)

4.12 Kies die persoon uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A vir Hanna gesê het. Skryf net die vraagnommer (4.12.1 – 4.12.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.12.1 Ek het gehoor jy's vreeslik slim.	A Tibo
4.12.2 Partykeer is jy nes jou ma.	B Mana
4.12.3 Fabienne! Dit pas glad nie by jou nie.	C Margot
4.12.4 Skryf jou storie, Hanna!	D Beyers
	E Sharon

(4 x 1) (4)

- 4.13 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (4.13.1 – 4.13.4) en die antwoord neer.

verbeelding; kleresmaak; gesin; alter ego; Hanna; Fabienne;
Mana; stiefbroer

Die karakter rondom wie die gebeure in hierdie roman gedraai het, is (4.13.1) ... Sy het twee dinge gehad wat haar anders as haar maats gemaak het en dit was haar goeie (4.13.2) ... en haar unieke (4.13.3) ... Omdat sy nie gelukkig was met haarself nie, het sy vir haar 'n (4.13.4) ... met die naam Fabienne geskep.

(4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 My ma skud haar kop. Dan kyk sy na my, steeds verstar teen
2 die muur, asof sy nou eers beseft dat ek ook in die kamer is.
3 "Hanna? Wat sê jy van jou sussie?"

- 4.14 Hanna se eerste wens was dat haar babasussie se lewe nie 'n tekort aan stralende geluk moes hê nie.

4.14.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

4.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.14.1. (1)

- 4.15 Wat het Mana die baba voor haar geboorte genoem? (1)

- 4.16 Watter naam het Mana vir haar dogtertjie ná die geboorte oorweeg? (1)

- 4.17 Die tweede laaste hoofstuk van die roman se titel is:
Banieropskrif: Gesin op berg gered.

Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die gesin was in die vakansiehuis vasgevang as gevolg van 'n (modderstorting/oorstroming). (1)

- 4.18. Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die gebeurtenis waarna die banieropskrif in VRAAG 4.17 verwys, is ...

- A Margot wat betyds in Johannesburg gekom het vir haar werk.
B Sharon se ouers wat by die vakansiehuis opgedaag het.
C Gavin se motor wat op die berg gevind word.
D die baba wat onverwags gebore word. (1)

4.19 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

- A Die baba is gebore.
B Die reën het opgehou.
C Die gesin het konsert gehou.

(3)

4.20 Sê in EEN sin wat die grootste lewensles is wat jy uit hierdie verhaal geleer het. Gee die naam van die karakter van wie jy dié lewensles geleer het.

(2)
[35]

OF

VRAAG 5: OPSTELVRAAG***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

- | | |
|---|---|
| 1 | “Wie is Skalla werklik?” |
| 2 | Hy sug swaar. |
| 3 | “Fred Blanckenberg se uitgeworpe stiefbroer. Dis ’n lang lelike storie, |
| 4 | ou Van.” |

In hierdie aanhaling het Attie na Schalk Blanckenberg verwys en ’n lelike storie waarby Schalk betrokke was.

Skryf ’n OPSTEL (250 – 300 woorde) en bespreek hoe Schalk se optrede hartseer vir ander mense veroorsaak het. Jou opstel moet ’n inleiding en ’n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

Schalk se rol in:

- Jacob se hartseer oor Magrietjie du Plessis
- Jacob se hartseer oor Janka toe sy vir Kersvader gewag het
- Fred se hartseer oor Sheila
- Ryna se hartseer oor haar man en seun

[35]

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**MEEULANDERS – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	<i>Kaapstad. Silkwood-Kliniek. Maandag, 14 Augustus 1978</i>
2	<i>Ek word Woensdag ontslaan. My sketsboek is vol duiwe.</i>
3	<i>Prof. Van Keulen was weer vanmiddag hier. Hy sê hulle</i>
4	<i>almal by die Instituut wag vir my. Maar ek weet nie of ek</i>
5	<i>kan teruggaan nie. Ek weet nie ek weet nie. Ron Ronnie</i>
6	<i>Ronnetjie. Mamma mis jou vandag. Daar is baie duiwe</i>
7	<i>in hierdie tuin. Hulle gaan kruip weg in die verskuilde</i>
8	<i>skadu's van oerou bome. Wanneer ek opkyk, sien ek dat die</i>
9	<i>son goue skerwe in die blare maak en iewers sit jou gesig</i>
10	<i>in die skerwe. Ek wens, ek wens ek het 'n wildeveyeboom met</i>
11	<i>groot groen takke. Ek wens ek kan in sy skemer skadu's gaan</i>
12	<i>wegkruip en ek hoef nooit weer uit te kom nie.</i>
13	<i>Daar is 'n groot wit muur om die tuin.</i>
14	<i>Agter die muur lê die stad.</i>
15	<i>Agter die stad lê die berg.</i>
16	<i>Agter die berg lê die see.</i>
17	<i>Agter die see lê die lyn waar water en lug een word.</i>
18	<i>Ek het by die plek van waterskeiding gekom.</i>

6.1 Waarvan het Ryna gepraat toe sy in haar dagboek geskryf het dat sy by die plek van waterskeiding gekom het? (Reël 18) (1)

6.2 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (6.2.1 – 6.2.4) en die antwoord neer.

Henning; geskiet; Schalk; Vincent; verbrand; anker; vlam; Billy

Ryna het op haar laaste dag in die kliniek gesit en teruggedink aan haar lewe. Sy het gedink aan die dag toe (6.2.1) ... vir Ronnie (6.2.2) ... het. Daar was 'n brand in die huis en deur die rook het Ryna 'n lang, blonde man met 'n merk aan sy arm gesien. Die tatoeëermerk het soos 'n (6.2.3) ... met 'n kreef wat daardeur kronkel gelyk. Later het Ryna besef dat die man wat sy deur die rookwolke gesien het, (6.2.4) ... was. (4)

6.3 "My sketsboek is vol duiwe" (reël 1) verwys na die werk wat Ryna voor haar werk by die Instituut gedoen het.

Watter tipe werk het Ryna vroeër gedoen? (1)

- 6.4 Ryna wou nie weer teruggaan en by die Instituut werk nie.
- 6.4.1 Waar het prof. Van Keulen vir Ryna werk gekry? (1)
- 6.4.2 Watter tipe werk het Ryna daar gaan doen? (1)
- 6.4.3 Hoe lank sou Ryna daar moes werk? (1)
- 6.4.4 Ryna het haar naam na Ryna van Rensburg verander, want sy wou 'n nuwe lewe begin. Wat was Ryna se vorige naam en van? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Matthys gaan na die lorrie en pluk die seil af. Onder die
2 seil staan 'n kis. 'n Doodskis. Die bestuurder help vir
3 Matthys met die aflaai. "Nogal netjies. Waar kom jy aan
4 dié kis?"
5 Matthys, gewoonnd aan lieg, klink seepglad: "Nee,
6 Kleinkoos van ou Abraham Afslagge verkoop hulle mos
7 nou op 'n special."
8 "Nogal swaar nè?"
9 "Dis solid blackwood, dié."
10 Ryna hou die inlaaiery dop totdat die bus vertrek.
11 Matthys begin haar goed op die lorrie laai. Hy sien dat sy
12 na die plakkate op die paal kyk.
13 "Dis môre ons munisipale tussenverkiesing, juffrou," voel
14 hy hom verplig om te canvass vir sy man. "Daai is ons
15 man, sien. Fred Blanckenberg van die visfabriek. Ons werk
16 maar almal vir hulle. Hulle het invloed, die Blanckenbergs.
17 Ammel ken hulle."

- 6.5. Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Matthys moes Ryna by die stasie gaan haal en hy noem haar ...

- A die Kapenaar.
B die voëlvrou.
C Mama Meeu.
D Ou Van. (1)

- 6.6 Vir wie het Fred die skuld gegee dat hy en Sheila nie 'n normale huwelik gehad het nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

- 6.7 Wat was Matthys se geliefde antwoord as ant Hansie hom gevra het wat hy doen? (1)

- 6.8 Toe Ryna na Fred Blanckenberg se laggende gesig op die plakkate gekyk het, het sy nie gedink dat 'n vrou hom nie kan vertrou nie.

Is dit regverdig om te sê dat Fred 'n onbetroubare man was? Gee DRIE voorbeelde uit die verhaal om jou antwoord te motiveer. (3)

- 6.9 Die kis wat Matthys Langhans op sy bakkie gehad het toe hy vir Ryna by die stasie gaan haal het, is 'n bewys dat Matthys met onwettige dinge besig is.
- 6.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 6.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.9.1. Verwys na Tjop Tredoux se besoek aan Matthys se huis. (1)
- 6.10 Fred en Schalk Blanckenberg het mekaar ondersteun.
- 6.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 6.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.10.1. Verwys na Fred en Schalk se verhouding. (1)
- 6.11 Rangskik die volgende gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van gebeure neer.
- A Sheila het selfmoord gepleeg.
B Skalla het vir Fred afgepers.
C Veronica het Fred se huis besoek. (3)

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Dit is Jannerik Kuiper wat sy hand uitsteek toe sy van
2 die *Sterretjie* moet oorklim op die houttrap wat na die
3 aanloopbrug lei. 'n Paar benoude oomblikke lank sien sy hoe
4 die donker see onder haar spoel en maal en sy vat die hand
5 dankbaar vas en dan trap sy oor. Nogal 'n kuns, dink sy.
6 Jannerik vat haar goed stuk-stuk by Jacob aan en dra
7 dit met die trap op boontoe. Die *Sterretjie* vaar weer terug
8 om die ander voorraad by die *Meeuw* te gaan haal. Sy kyk
9 vanaf die jettie uit oor die see. Van hier af is die land net 'n
10 dun vaal gebergtetjie met 'n wit skuimrand.
11 "Juffrou is welkom op onse eiland." Dis 'n temerige stem
12 vol warmte. Dis Jannerik.

- 6.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Toe Ryna vir Jannerik ontmoet het, het Jannerik vir Ryna gesê dat ...
- A die Meeulanders baie aan die verlede teruggedink het.
B Ryna binne drie maande in die Kaap sou terug wees.
C Ryna maar eers by Jacob-hulle kon bly totdat dinge beter was.
D hy nie kon glo dat 'n vrou op Meeuland wou bly nie. (1)

- 6.13 Kies die naam van die karakter uit KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
6.13.1 Hy was 'n volbloed Blanckenberg en gewoonlik seker van sy saak.	A Hermanus
6.13.2 Hy het nie 'n tiekie getraak oor wat die dorp van hom gedink het nie.	B Matthys
6.13.3 Hy was 'n eenkantmens.	C Schalk
6.13.4 Hy was 'n skelm en suinige man.	D Fred
	E Jacob

(4 x 1) (4)

- 6.14 Watter geheim het Jannerik se dogter, Veronica (Kinnie), vir Ousanna en haar pa weggesteek? (2)

- 6.15 Voltooi die sinne deur die KORREKTE antwoord tussen hakies te kies. Skryf net die vraagnommer (6.15.1 – 6.15.2) en die antwoord neer.

6.15.1 Elsabet het die eiland as 'n (tronk/veilige blyplek) beleef. (1)

6.15.2 Die groot boot wat vir Ryna na die eiland vervoer het, se naam was (die Meeuw/Sheila 2). (1)

- 6.16 Waarom was "Meeu" in Ryna se CB-roepnaam, Mama Meeu, so gepas? (1)

- 6.17 Prof. Van Keulen het vir Ryna gesê dat daar **terapie in tyd** was.

Hoe het hierdie woorde vir Ryna waar geword aan die einde van die verhaal as 'n mens na haar verhouding met Jacob kyk? (1)

[35]**TOTAAL AFDELING A: 35****OF**

AFDELING B: DRAMA**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 7: OPSTELVRAAG****POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy van Poppie se probleme met werk en verblyf vertel. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Die probleme wat begin het toe sy met Stone getrou het
- Poppie se probleme met pasverlenging in die Kaap
- Poppie wat Mdantsane toe gegaan het
- Poppie wat na Stone se dood teruggegaan het Kaap toe

[35]**OF****VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG****POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	POPPIE. (<i>nadenkend</i>). My kinders is nie hier nie. As hulle hier
2	was, was hulle seker ook teen die wet en teen die drank.
3	Maar deur my swaarkry, is hulle nou uit die ding. (<i>Praat met</i>
4	<i>Mosie en Mama</i>). Ek is nou eerlik. As ek die krag gehad het,
5	sou ek ook iets gedoen het, maar nou het ek nie die krag nie,
6	nou is ek tevrede met die wêreld soos dit nou is. Wat verby
7	is, is verby. Ek is moeg, Mama. Daar moet nou rus kom.
8	JAKKIE. Ek is nog nie moeg nie. Dis hoekom daar nog nie rus
9	moet kom nie. Julle is moeg; ons nie. Dis vir jou wat ek ba-
10	klei, Sisi.

- 8.1 “My kinders is nie hier nie.” (Reël 1)
Waar was Poppie se meisiekinders? (1)
- 8.2 Verduidelik wat Poppie gedoen het om haar kinders “uit die ding” te hou. Gee DRIE feite. (3)
- 8.3 Noem TWEE dinge wat bewys dat Poppie swaargekry het. (Reël 3) (2)
- 8.4 “Daar moet nou rus kom.” (Reëls 6 en 7)
- 8.4.1 Waarna het “rus” in hierdie aanhaling verwys? (1)
- 8.4.2 Het Poppie ooit die rus gekry waarna sy verlang het? Verwys na die slot van die verhaal om jou antwoord te motiveer. (1)

8.5 Van watter “baklei” (reël 9 en 10) het Jakkie hier gepraat? (1)

8.6 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde soos dit in die drama voorkom. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – D) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

- A Dan’s ons almal saam in die jail, Mama.
 B Sisi, Jakkie is gevang! Hy’t gister saam gemarch met die kinders in die stad.
 C Is jy geslaag? Sê vir jou Mama, is jy deur die poeliesse geslaag? (3)

8.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (8.7.1 – 8.7.4) en die antwoord neer.

city-borners; migrants; polisie; Jakkie; kinders; lokasie-mense; Mosie

8.7 Die (8.7.1) ... het na die special quarters toe gegaan om die (8.7.2) ... se vensters te breek en bottels stukkend te gooi. Die (8.7.3) ... het gesê die kinders moet maar deur die migrants gedonder word. (8.7.4) ... het saam met die kinders in die stad gemarch. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 POPPIE: ... Ek roep die kinders
 2 en sê hulle moet na ons toe kom in die voorkamer, maar
 3 Vukile bly lê en ek tel hom op ...

8.8 Poppie het in ’n moeilike situasie beland en moes ’n besluit neem.

- 8.8.1 Wat het gebeur dat Poppie die kinders geroep het? (1)
 8.8.2 Waarheen het Mamdungwana se man vir Poppie en die kinders geneem? (1)
 8.8.3 Wat het met Vukile gebeur? (1)
 8.8.4 Wat was so ironies hieraan as jy aan die betekenis van Vukile se naam dink? (2)

8.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die kinders het gesê hulle baklei teen die migrants, want die migrants ...

- A het die polisie vertel wat die kinders gedoen het.
 B het nie respek vir die kinders nie.
 C het in die city-borners se special quarters gebly.
 D wou nie ophou drank verkoop nie. (1)

8.10 Al was daar daardie jaar geweld in die township, het Poppie en haar familie lekker Kersfees gehou.

8.10.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.10.1. Verwys na die onrus in die townships daardie tyd. (1)

8.11 Kies die karakter uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (8.11.1 – 8.11.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
8.11.1 “Ons sal ’n huis vir jou gee.”	A Jakkie
8.11.2 “Dis Bonsile, Sisi, dis Nomvula, Sisi, wat aan my vreet.”	B Poppie
8.11.3 “Ons het nou ander goed om te doen as skoolgaan, Mama.”	C Mosie
8.11.4 “Ek kan nie die wet met my hande breek nie.”	D Mama
	E Mr Stevens

(4 x 1) (4)

8.12 Poppie het tevrede gevoel dat haar plan gewerk het om vir Bonsile teen die geweld te beskerm.

8.12.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.12.1. Gee ’n bewys uit die slot van die verhaal. (1)

8.13 Dink jy die onluste van Poppie se tyd het gehelp dat die township-mense vandag gouer huise en werk gekry het? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

8.14 Stem jy saam met die kinders dat geweld probleme kan oplos? Motiveer jou antwoord. (1)

8.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die huis wat Stone se dood veroorsaak het, was in ...

- A Langa.
- B Nyanga.
- C Mdantsane.
- D Jakkalsvlei. (1)

8.16 Dink jy Poppie het te veel vir haar kinders gedoen? Motiveer jou antwoord. (1)

[35]

OF

VRAAG 9: OPSTELVRAAG**PALJAS – Chris Barnard**

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel hoe die verhoudings in die McDonaldhuis verbeter het nadat die nar op Toorwater gekom het. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Die probleme tussen Katrien en Hendrik
- Willem se spraakprobleem
- Die probleme tussen Emma en Nollie
- Die koms van die nar

[35]**OF****VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG****PALJAS – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	95. 'n Jongerige man, ene Thys Briekman, staan op die
2	koöperasie se stoep en laai sakke mieliemeel op Frans se
3	bakkie. Frans staan en kyk. Naby die bakkie, maar ook
4	op die hoë stoep, staan nog drie, vier boere. Pieta Benade, Sakkie du Toit,
5	Jan Mol en ander.
6	FRANS: Wat se stories?
7	THYS: Nee, allerhande goed. Hulle sê die kind toor glo.
8	PIETA: Daardie mannetjie is met die maan gepla.
9	FRANS: Wat? Net oor hy nie meer praat nie?
10	PIETA: Hoekom praat hy nie meer nie? Hulle sê Oudokter
11	sê sy pa het sy tong uitgesny.
12	JAN MOL: Seker vir een of ander offerande.
13	FRANS: Wat?
14	JAN MOL: Hoor hier, ek het dit met my eie oë gesien hoe
15	hulle offer en als. Ek sal julle nou die altaar gaan wys. Dis
16	duiwelsgoed, man.
17	FRANS: Dis als bog.
18	THYS (<i>laai nog heeltyd sakke meel</i>): Nee, hulle sê hy loop
19	heeltyd in die nag rond en hy sien gesigte en hy roep geeste
20	op en offer dik snye brood vir die afgode.
21	SAKKIE: En hy maak die eienaardigste tekening van die
22	goed wat hy sien.
23	JAN MOL: Ek het dit met my eie oë gesien. Teen die mure
24	van daardie ou murasie.

25	SAKKIE:	Maar dis nog niks – jy moet sien hoe mal raak hy
26		as mens naby sy plek kom. Dit kos 'n paar mense om hom
27		vas te hou.
28	JAN MOL:	Duiwelsgoed. In die ou dae het hulle sulke mense
29		op brandstapels gesit. Maar deesdae is ons mos kastig
30		beskaafd.
31	FRANS:	Ek weet nie waar kom julle aan al die nonsens nie.
32		Ek is elke week op daardie werf en ek sien nooit iets snaaks nie.
33	JAN MOL:	Ja, ons weet hoekom sien jy niks nie. Jy't mos
34		net oë vir die miesies. Hoe lyk dit, gaan jy haar dié jaar
35		Volstruisdans toe vat?

10.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Hierdie uittreksel vorm deel van die ... van die drama.

- A eksposisie
- B verwickeling
- C krisis
- D klimaks

(1)

10.2 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die stories waarna Frans in reël 6 verwys het, was die stories dat daar (’n nar op Toorwater was/snaakse dinge by die McDonalds gebeur het).

(1)

10.3 Frans het beslis nie die stories geglo wat die mense oor die McDonalds versprei het nie.

Haal TWEE APARTE WOORDE uit hierdie uittreksel aan wat hierdie stelling bewys.

(2)

10.4 Watter een van die manne wat hier met Frans gepraat het, was die dag saam met die polisie by die skuur?

(1)

10.5 “Sien is glo” beteken dat ’n mens iets net kan glo as jy dit kan sien of kan vat.

10.5.1 Waarom kan ons sê dat hierdie uitdrukking nie waar is as ons Jan Mol se opinie gelees het nie?

(1)

10.5.2 Gee EEN feit om jou antwoord op VRAAG 10.5.1 te motiveer.

(1)

10.6 Hoe het die stories oor Willem se toordery begin?

(1)

10.7 Noem TWEE van die “toorkunsies” waarmee Willem sy gesin laat lag het.

(2)

10.8 PIETA: Hoekom praat hy nie meer nie? Hulle sê Oudokter sê sy pa het sy tong uitgesny. (Reëls 10 en 11)

Oudokter het hierdie woorde figuurlik bedoel.

10.8.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

10.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.8.1. Verwys na die gesprek tussen Oudokter en Hendrik.

(1)

- 10.9 Aan die einde van die verhaal het Hendrik vir Willem aan die praat gekry.
- 10.9.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 10.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.9.1. (1)
- 10.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (10.10.1 – 10.10.4) en die antwoord neer.
- | |
|---|
| paljas; vyandig; bevooroordeeld; woede; verdedig; beskinder |
|---|
- Een van die verhaal se temas wat baie mooi in hierdie uittreksel uitgekom het, was dat mense (10.10.1) ... is omdat hulle mekaar nie geken het nie. Daarom was die boere so (10.10.2) ... teenoor Frans en die McDonalds. Frans (10.10.3) ... die McDonalds en dit het later tot 'n bakleiery gelei. Aan die einde van die drama het ons gesien hoe Manuel se (10.10.4) ... al die konflik opgelos het. (4)
- 10.11 “Dis duiwelsgoed, man.” (Reëls 15 en 16)
- Waarom het Jan Mol gedink daar het duiwelsaanbidding plaasgevind? Verwys na die skuur se mure, die goed op die tafel en die vuurmaakplek. (3)
- 10.12 Hoekom het Willem so ontsteld geraak toe die polisie en die honde na die skuur toe beweeg het? (1)
- 10.13 “Maar deesdae is ons mos kastig beskaafd.” (Reëls 29 en 30)
- Waarom was hierdie woorde van Jan Mol eintlik ironies, veral as ons dink aan die insident in die kerk en die gebeure by die Volstruisdans? (2)
- 10.14 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
- As Jan Mol vir Frans sê: “Jy’t mos net oë vir die miesies”, het hy bedoel dat Frans (net vir Katrien gekyk het/verlief was op Katrien). (1)
- 10.15 Die Volstruisdans het deel gevorm van die klimaks van hierdie drama.
- Sê hoe jy gevoel het oor die mense wat die McDonalds met tamaties en eiers gegooi het. Motiveer jou antwoord. (2)
- 10.16 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van gebeure neer.
- A Die Volstruisdans het plaasgevind.
B Die nar het Toorwater verlaat.
C Willem het weer begin praat. (3)

10.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Sakkie du Toit het ook deur die loop van die drama verander, omdat hy ...

- A na die bakleiery by die Volstruisdans by Hendrik-hulle gaan dans het.
- B vir Frans om verskoning gevra het vir die bakleiery by die Volstruisdans.
- C gesien het dat die gebeure by die Volstruisdans onnodig was.
- D gesê het dat hulle verkeerd was om Frans te spot oor die Volstruisdans.

(1)

10.18 Kies die stelling uit KOLOM B wat die beste by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (10.18.1 – 10.18.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
10.18.1 Dit was hoe die dramaturg die Karoo voorgestel het.	A Dit het 'n mens gevange gehou. B Dit was droog en hard.
10.18.2 Dit was hoe Katrien oor die Karoo gevoel het.	C Dit was 'n veilige plek om Katrien weg te steek.
10.18.3 Dit was hoe Willem en Manuel oor die Karoo gevoel het.	D Dit was 'n speelplek wat ontdek moes word.
10.18.4 Dit was hoe Hendrik oor die Karoo gevoel het.	E Dit was romanties en beeldskoon.

(4 x 1)

(4)
[35]**TOTAAL AFDELING B:****35****OF****AFDELING C: KORTVERHALE****STORIEJOERNAAL****BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 11: OPSTELVRAAG*****DIE WERKSMENSE VAN SLOVOVILLE* – Johnny Masilela**

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vir Jeremiah Vimbi as gemeenskapsleier bespreek. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys in jou opstel na:

- Hoe Jeremiah die mense om hom gemotiveer het
- Hoe hy met die bouprojek gehelp het
- Wat hy bereid was om op te offer
- Hoe sy dood alles verander het

[35]**OF**

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**EK IS JAMMER – EKM Dido**

Lees die uittreksel HIERONDER en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 Maar voor hy 'n verdere woord by sy mond kan uitkry, gee Mike 'n harde
2 snik en gaan kniel by die kopklip. Sy trane kom vinnig uit en rol onkeerbaar
3 oor sy wange. "Ek is jammer, Dingo. So jammer!" herhaal hy aanhoudend
4 deur die snikke.
5 Toe hy bedaar, staan hy van sy knieë af op en gaan sit styf teen Charlie op
6 die rant van die marmerklip. Mike sit en kyk reguit voor hom uit. Knip nie
7 eens sy oë nie. Na 'n lang tyd vra hy weer, sonder om na Charlie te kyk:
8 "Wat het die predikante toe te sê gehad?"
9 "Ek mis hom ook, ou Mike. Ons sal nooit weer 'n pal soos hy kry nie," troos
10 Charlie en sit 'n arm om sy vriend se skouer. "Ja, ek mis hom. Die hele skool
11 en die hele community mis hom. Dinge sal nooit weer dieselfde wees sonder
12 hom nie, nè?"
13 "Die predikante, Charlie!" sê Mike nou duidelik ongeduldig. Hy wikkel hom
14 onder Charlie se omhelsing uit en staan op, druk sy hande in sy broeksakke
15 en gaan staan so 'n tree van die graf af weg en kyk na sy skoene.
16 Charlie kyk hom effens verbaas aan. "Wat makeer jou? Moenie jou moods
17 op my en Dingo kom uithaal nie. Anyway, die predikante het oor jy-weet-wat
18 gepraat en gestry totdat ek kon skree van verveeldheid. Maar ek kon nie die
19 kanaal verander nie, want die tannie het mos langs my gesit ..."

12.1 Wat was vir die seuns hierdie keer anders aan Dingo se graf? (1)

12.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Op Dingo se grafsteen het daar geskryf gestaan: "Vir 'n kort tyd was jy aan ons geleen, maar"

- A vir altyd sal ons jou onthou
- B nou is jy vir altyd weg
- C ons sal jou weer sien
- D jy kan nou sag rus (1)

12.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Uit Mike se gedrag hier by die graf kon ons aflei dat hy ... was.

- A ontsteld
- B mismoedig
- C uitgeput
- D tevrede (1)

12.4 Wat het Mike so ongeduldig gemaak? (Reël 16) (1)

- 12.5 Waaroor het die predikante gepraat waarin Mike nou so belanggestel het? (1)
- 12.6 Verduidelik waarom dit vir Mike so belangrik was om te hoor wat die predikante gesê het. (1)
- 12.7 “Anyway, die predikante het oor **jy-weet-wat** gepraat.” (Reël 17)
- 12.7.1 Watter woord wou Charlie nie sê nie? (1)
- 12.7.2 Waarom wou Charlie nie die woord vir **jy-weet-wat** gebruik nie? (1)
- 12.8 Dink jy Mike se bui (of “moods” soos Charlie dit genoem het) sou verander het nadat hy gehoor het wat die predikante alles gesê het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 12.9 Vertel hoe Charlie gereageer het op die dinge waaroor die predikante gesels het. Gee DRIE feite. (3)
- 12.10 Altwee die seuns het verantwoordelik vir Dingo se dood gevoel.
- 12.10.1 Waarom het Charlie gevoel dat hy vir Dingo se dood verantwoordelik was? (1)
- 12.10.2 Waarom het Mike gevoel dat hy vir Dingo se dood verantwoordelik was? (1)
- 12.11 Kies die persoon uit KOLOM B wat pas by die sin in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (12.11.1 – 12.11.4) en die letter (A – E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
12.11.1 “Nee, ek blameer jou nie.”	A Charlie
12.11.2 “Die beste vriend wat ’n mens kan kry.”	B Predikante
12.11.3 “My kop was daai dag mos lekker deurmekaar, my bra.”	C Mike
	D Mike se pa
12.11.4 “ ’n Pastoor se kind gaan nie na wêreldse plekke toe nie.”	E John

(4 x 1) (4)

- 12.12 Charlie was nie eerlik teenoor die tannie by wie hy gewoon het nie.
- 12.12.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 12.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.12.1. (1)

- 12.13 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (12.13.1 – 12.13.4) en die antwoord neer.

jeugbiduur; skuld; dwelmmiddels; partytjie; pastoor;
geheim; drank; gemeenskap

Mike het geglo hy was verantwoordelik vir Dingo se dood en hy het besluit om sy (12.13.1) ... met Charlie te deel. Dit het hom gepla dat die (12.13.2) ... gedink het Charlie het Dingo se dood veroorsaak. Mike het vir Charlie vertel dat hy nie vir Dingo kon help nie, want dan sou sy pa uitvind dat hy (12.13.3) ... gebruik en dat Dingo nie by die (12.13.4) ... was soos hy gesê het nie.

(4)

- 12.14 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf net die vraagnommer en die letters (A – C) in die korrekte volgorde van die gebeure neer.

- A Almal het vir Dingo gespot omdat hy dronk gelyk het.
B Dingo het sy ma geroep.
C Dingo het gekla dat hy sleg gevoel het.

(3)

- 12.15 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Net voordat Dingo dood is, het hy vir Mike sy (adres/selfoon) gegee.

(1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 “ ’n Lafaard, sê ek jou, ’n lafaard, dit is wat ek was! Die
2 volgende oggend was ek kamma verbaas en verslae. Die res ken jy.” Mike
3 hik en snik nou hard. Charlie los ’n swaar vloekwoord. Sy mond hang vir ’n
4 oomblik oop. En toe trek hy sy vriend nog nader en huil saam met hom.
5 Saam sak hulle grond toe met hulle koppe op die marmer-grafsteen net
6 onderkant Dingo se naam.

- 12.16 Aan die einde van die verhaal is die leser oortuig dat Mike ’n lafaard was, soos hy homself in hierdie uittreksel genoem het.

12.16.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

12.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.16.1. Verwys na die slotgebeure in die verhaal.

(1)

- 12.17 Wat het ons afgelei toe Charlie se mond ’n oomblik oopgehang het in reël 3 en 4 van hierdie uittreksel?

(1)

- 12.18 Toe Charlie gehoor het wat Mike gedoen het, het hy vir Mike nadergetrek en saam met hom gehuil.

Wat het Charlie se optrede vir Mike gesê?

(1)

- 12.19 Waarom kan ons sê dat die titel van hierdie verhaal ironies is? (2)
- 12.20 Watter les leer Dingo se dood vir jou oor die keuse van vriende? (1)
- [35]**

TOTAAL AFDELING C: 35

OF

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE.

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Life vannie jobless – Magmoed Martin

1 Ek sê, my bra, ken d jy die agony vannie jobless,
2 van application forms en briewe en even wasted phone calls,
3 van jou skoene stukken loop en van rejection
4 en van trainfare wat nieman gaan replasie

5 En ken d jy die pyn van virrie kinnere sê daar issie,
6 van kostafels sonner kos en lawyerlette's wat ophoop,
7 van water wattie melk innie baby-borrel replace
8 en van skel oor geld wat nêrens te vind issie.

9 Ja, my bra, soe issie life vannie jobless:
10 een van great depression en rejection,
11 'n life van alienation en degradation –
12 daai issie life vannie jobless.

13 Ken d jy hoerit voel as d jy moet loaf,
14 van oppie grond slaap sonner komberse,
15 van overcrowding sonder lektriek
16 en van innie gel'gatte se rubbish soek vir kos.

17 En ken d jy hoerit voel as die laities hul respek verloor
18 vir ouers wat van wyn 'n afgod maak,
19 van buttons wat common use word innie join',
20 en vannie stelery wan God het ôs desert.

21 Ja, my bra, nou daai issie life vannie jobless.

- 13.1 Wat noem ons die taal wat die spreker in hierdie gedig gebruik het? (½)

- 13.2 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

In hierdie gedig (kon die leser maklik simpatie met werklose mense verloor het/het die spreker uiteindelik sy situasie aanvaar).

(1)

- 13.3 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (13.3.1 – 13.3.3) en die antwoord neer.

selfbeeld; dronk; huis; werklose; gesin

Hierdie gedig handel oor die seerkry van 'n (13.3.1) ... man. In hierdie gedig is sy (13.3.2) ... afgebreek. Uiteindelik het die hele (13.3.3) ... daaronder gely.

(3)

- 13.4 Kies 'n woord uit KOLOM B wat pas by 'n stelling in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (13.4.1 – 13.4.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
13.4.1 Hulle het aansoekvorms en oproepe ontvang.	A kinders
13.4.2 Hulle het geen respek getoon nie.	B werkloses
13.4.3 Hulle het vir blyplek gebedel.	C werkgewers
	D gel'gatte

(3 x 1)

(3)

- 13.5 Watter EEN WOORD in strofe 1 het die houding van die wêreld teenoor die spreker beskryf?

(1)

- 13.6 Hoekom het die spreker gevoel hy het sy geld gemors? (Strofe 1)

(1)

- 13.7 Hierdie spreker het in 'n stadium genoeg gehad om van te lewe.

13.7.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?

(1)

13.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 13.7.1 met EEN WOORD uit strofe 2.

(1)

- 13.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Volgens strofe 3 het die spreker ... beleef.

- A pyn
B honger
C vernedering
D opstandigheid

(1)

- 13.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Toe die spreker desperaat was om van die werklikheid af weg te vlug, ...

- A het hy in ryk mense se vullisdromme gekyk.
- B was hy bang die kinders het respek vir hulle ouers verloor.
- C het hy maar begin drink en dwelms gebruik.
- D het hy geglo dat God hulle so wou straf. (1)

- 13.10 Wat leer hierdie gedig vir ons oor die waarde van 'n vaste werk? (1)

- 13.11 Wie was die “gel’gatte” van wie daar in strofe 4 gepraat is? (1)

- 13.12 Dink jy dat die spreker vir ons wil sê dat alle werklose mense steel om aan die lewe te bly? Motiveer jou antwoord. (1)

- 13.13 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die spreker het gesê dat hy gesteel het omdat hy (dronk was/gevoel het dat God hom verlaat het).

(1)
[17½]

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

So long Skipskop – David Kramer

1 Pak op pak op
 2 sit jou goedjies op jou kop
 3 môre gaan ons weg
 4 ver van hier weg
 5 Skipskop Skipskop
 6 wanneer hou die dinge op
 7 swaarkry lê net voor
 8 die blou berge oor

9 Overberg se mens is ek gebore
 10 op die plek Skipskop
 11 nes my pa en sy pa ook
 12 hier deur die duine loop onse spore
 13 hier op die beach hier langs die see

14 is ek gedoop
 15 Wat ken ek anders as die bloudam se branders
 16 die wolke en die winde wat hier waai
 17 Verkoop jou bootjie
 18 pak op jou goedjies
 19 sê ma So long Skipskop Skipskop
 20 sê goodbye
 21 Linkerhand regterhand watsekant
 22 lê die plek Misverstand
 23 Asseblief meneer sê tog weer
 24 is dit die pad wat ons moet môre vat

25 'n Stukkie hier 'n stukkie daar
 26 stukkie van my lewe lê nou deurmekaar
 27 tel op tel op vir Shorty en vir Pop
 28 gaan haal vir Apie en hou daai kindjie dop

29 Wat ken ek anders as die bloudam se branders
 30 die wolke en die winde wat hier waai
 31 Verkoop jou bootjie
 32 pak op jou goedjies
 33 sê ma So long Skipskop Skipskop
 34 sê goodbye
 35 sê ma So long Skipskop Skipskop
 36 sê goodbye

14.1 Wie is die spreker in hierdie gedig?

(½)

- 14.2 Die mense van Skipskop was opgewonde om na hulle nuwe blyplek toe te trek.
- 14.2.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 14.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.2.1 met 'n rede uit strofe 1. (1)
- 14.3 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
- Die mense van Skipskop sou hulle goedjies (op hul bootjies gelaai het/self moes dra). (1)
- 14.4 Hoeveel generasies het al volgens strofes 2 en 5 op Skipskop gewoon? (1)
- 14.5 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (14.5.1 – 14.5.2) en die antwoord neer.

gebore; bootjies; gedoop; weer

- Die spreker het in strofe 3 gesê dat hy daar op Skipskop (14.5.1) ... is. Hy het die (14.5.2) ... daar op Skipskop goed geken. (2)
- 14.6 Waarom het die spreker sy dorpie, Skipskop, met “So long” in plaas van “vaarwel” gegroet? (1)
- 14.7 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by die inligting in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (14.7.1 – 14.7.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
14.7.1 Overberg se mens is ek gebore	A alliterasie
14.7.2 die wolke en die winde wat hier waai	B metafoor
14.7.3 bloudam se branders	C persoonifikasie
	D omgekeerde woordorde

(3 x 1) (3)

- 14.8 Waarom is die gebruik van Engels in hierdie gedig gepas? (1)
- 14.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

In strofe 4 het die spreker gesê dat die inwoners van Skipskop se lewens ... was.

- A kommerloos
- B deurmekaar
- C toekomstgerig
- D voorbereid (1)

14.10 Sou die inwoners van Skipskop weer kon visvang daar waarheen hulle toe getrek het? Motiveer jou antwoord uit die gedig. (1)

14.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die rympatroon in strofe 4 verskil van die ander strofes. In strofe 4 kry ons ...

- A paarrym.
B kruisrym.
C vrye vers.
D gebroke rym. (1)

14.12 “Asseblief meneer sê tog weer” (Versreël 23)

14.12.1 Wie was die “Meneer” met wie die spreker hier gepraat het? (1)

14.12.2 Hoekom het die spreker gesê die meneer moet dit “tog weer” vir die mense van Skipskop sê? (1)

14.13 Wat dink jy, wou David Kramer met sy liedjie, *So long, Skipskop*, probeer doen? (1)

[17½]

OF

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Talle tonge – Mathews Phosa

- 1 Talle tonge het ek
2 een tong op 'n gegewe oomblik
3 'n heuningtong
4 'n bitter tong
5 'n stomp tong
6 genoeg om te swyg
7 my skerp tong klap
8 klap soos 'n sweep
9 en keep diep en laat bloei
10 my suur tong brand
11 brand soos asyn
12 en laat krimp inmekaar en skend
13 Talle tonge het ek
14 een tong op 'n gegewe oomblik
15 'n tong om te sny
16 'n tong om te salf
17 Ek het talle tonge

- 15.1 Die titel verwys na “talle” tonge. Wat het die digter bedoel met die woord “talle”? (½)
- 15.2 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
Versreëls 7 en 8: “tong klap/klap soos ’n sweep” is ’n voorbeeld van ’n (metafoor/vergelyking/eufemisme). (1)
- 15.3 Wat het die digter bedoel met “een tong op ’n gegewe oomblik”? (1)
- 15.4 Kies die gevoel uit KOLOM B wat pas by die tipe tong in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (15.4.1 – 15.4.3) en die letter (A – D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
15.4.1	heuning	A	Negatief en ontevrede
15.4.2	skerp	B	Deurmekaar
15.4.3	bitter	C	Positief
		D	Seergemaak

(3 x 1) (3)

- 15.5 Met watter sintuig assosieer ons die tong? (1)
- 15.6 “my suur tong brand/brand soos asyn/en laat krimp inmekaar en skend” (Reëls 10 – 12)
- 15.6.1 Wat het die spreker bedoel met ’n tong wat ’n mens “inmekaar laat krimp”? (1)
- 15.6.2 Gee ’n voorbeeld van ’n aanmerking wat ’n tiener se selfbeeld kan “skend”. (1)
- 15.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
As jy ’n tong het wat swyg, ...
- A bly jy stil.
B praat jy baie.
C gee jy troos.
D maak jy seer. (1)
- 15.8 In hierdie gedig het die woord “asyn” (versreël 11) na ’n aangename geur verwys.
- 15.8.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 15.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.8.1. Gee EEN feit. (1)
- 15.9 Haal EEN WOORD uit strofe 3 aan wat sê wat ’n skerp tong aan ’n ander persoon kon doen. (1)

- 15.10 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die spreker in die gedig het verduidelik hoe 'n mens se tong (verskillend lyk/verskillend gebruik kan word/verskillende geure het).

(1)

- 15.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (15.11.1 – 15.11.2) en die antwoord neer.

brand; sny; klap; salf

In strofe 5 word 'n positiewe en 'n negatiewe funksie van die tong beskryf. Wanneer 'n mens jou tong op 'n negatiewe manier gebruik, (15.11.1) ... die tong met die doel om seer te maak. Wanneer die tong positief gebruik word, (15.11.2) ... dit iemand en laat die persoon beter voel.

(2)

- 15.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Die digter het ons probeer waarsku om ...

- A al die soorte tonge elke dag te probeer gebruik.
- B mense te leer hoe om al die tonge te gebruik.
- C vir mense te sê watter tong om te gebruik.
- D versigtig te wees oor hoe ons ons tong gebruik.

(1)

- 15.13 Hoe kan hierdie gedig jou help om beter met jou familie en vriende te kommunikeer?

(1)

[17½]**OF**

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

My siel, Pa – Marie van Rensburg

- 1 Hoeveel ekstra vakke, Pa?
 2 Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
 3 Die prestasies, Pa, al is dit top,
 4 galgtou oor my kop.
 5 En my siel, Pa ...
 6 Kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
- 7 Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
 8 rekords moet ek nog behaal?
 9 Hoeveel keer op die rostrum, Pa,
 10 met 'n Achilleshiel wat pla?
 11 Maar my siel, Pa ...
 12 kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
- 13 Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
 14 Pa se Cravenweek is geëwenaar.
 15 Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
 16 om Pa eer te bring?
 17 Maar my siel, Pa ...
 18 kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
 19 Pa, is Pa nooit tevrede met die ewebeeld,
 20 wat oor my vou soos 'n donker kleed?
 21 Pa is mos my proto,
 22 ek maar net Pa se foto!
 23 Maar my siel, Pa ...
 24 kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

- 16.1 Wie is die "ek" in hierdie gedig? (½)
- 16.2 Om 'n Dux-leerling te wees, is 'n groot eer, maar nie vir die spreker nie.
- 16.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 16.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 16.2.1 met 'n bewys uit strofe 1. (1)
- 16.3 Kies die woord uit KOLOM B wat pas by die woord in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
16.3.1 rostrum	A Akademie
16.3.2 Cravenweek	B Atletiek
16.3.3 Dux-leerling	C Kuns
	D Rugby

(3 x 1) (3)

- 16.4 Watter TWEE dinge is in reëls 19 en 20 met mekaar vergelyk? (2)
- 16.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- “n Achillieshiel wat pla” (versreël 10) beteken letterlik dat die seun ’n ... opgedoen het.
- A kniebesering
B voetbesering
C beenbesering
D kuitbesering (1)
- 16.6 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
- Versreëls 23 en 24: “Maar my siel, Pa .../kan ek ’n klein-klein stukkie terugvra?” impliseer dat die pa die seun se (siel/menswees) gevat het. (1)
- 16.7 Watter EEN WOORD (strofe 3) sê vir ons dat die seun dieselfde prestasies as sy pa behaal het? (1)
- 16.8 Voltooi die sin. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
- Versreël 15: ’n “Turksvy-kind” is ’n kind wat baie (probleme vir sy ouers gee/van turksvye hou). (1)
- 16.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.
- Die gevoel wat die beste by die spreker pas, is ...
- A trots.
B moedeloosheid.
C depressie.
D aanvaarding. (1)
- 16.10 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (16.10.1 – 16.10.2) en die antwoord neer.
- stelling; ellips; klein-klein stukkie; retoriese vraag
- Die tweede laaste versreël van elke strofe eindig met ’n (16.10.1) Elke strofe eindig met ’n (16.10.2) (2)
- 16.11 Verduidelik waarom ons kan sê dat die seun se pa onregverdig is. Noem TWEE feite. (2)
- 16.12 Hoe, dink jy, kan die pa se optrede die seun se houding teenoor sport beïnvloed? (1)

[17½]
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieke in die assesseringsriglyne.

BYLAE A:	Vraag 1	–	Opstel
BYLAE B:	Vraag 2.1	–	Koerantartikel
	Vraag 2.2	–	Vriendskaplike brief
	Vraag 2.3	–	Toespraak
	Vraag 2.4	–	Pamflet
BYLAE C:	Vraag 3.1	–	Poskaart
	Vraag 3.2	–	Informele uitnodiging
	Vraag 3.3	–	Kleinadvertensies
2. Bestudeer en bespreek hierdie rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.
3. As 'n onderwerp misgetas is, word die leerder se antwoordboek na die senior nasiener verwys. Die kandidaat moet volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan word.
4. Indien daar twyfel oor 'n onderskeidingskandidaat se skryfstuk(ke) bestaan, moet dit eweneens met die senior nasiener bespreek word.
5. Indien 'n skryfstuk **enigsins uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die kandidaat ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**.
6. Riglyn by die afwyking van die voorgeskrewe lengte by skryfstukke.

AFDELING	KODE 4 Amper korrek	KODE 3 en 2 Te kort/te lank	KODE 1 Heeltemal te kort/te lank
Afd. A: Opstel 250 – 300 woorde	240 – 249 301 – 310	230 – 239 311 – 320	Minder as 230 Meer as 320
Afd. B: Langer transaksionele teks 120 – 150 woorde	113 – 119 151 – 157	106 – 112 158 – 164	Minder as 106 Meer as 164
Afd. C: Korter transaksionele teks 80 – 100 woorde	75 – 79 101 – 105	69 – 74 106 – 111	Minder as 69 Meer as 111

SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN

Die volgende simbole/tekens behoort deur die onderskeie provinsies gebruik te word.

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Spelfout	—	Kort strepie onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weggelaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	o	Omkring

NEERSKRYF VAN PUNTE

- Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
- Assesseer die kandidaat se skryfstukke na aanleiding van die **sewe KODES** volgens:

Afdeling A: **INHOUD en BEPLANNING** (32 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte) en **STRUKTUUR** (6 punte).

Afdeling B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (20 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (10 punte).

Afdeling C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (13 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (7 punte).
- Evalueer eers hoe goed, gemiddeld of swak die kandidaat binne daardie Kode tussen die gegewe punte is, byvoorbeeld: uit 'n gegewe punt van 16 – 19 uit 50, moet die nasiener kan assesseer watter punt die skryfstuk verdien. Skryf net EEN punt neer.
- Hou die **persentasies** by die Kodes in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.
- Skryf die punte soos volg neer:

Kode	AFDELING A	Punt
4	I/B	16
2	T/S/R	4
5	S	5
TOTAAL:		25

Kode	AFDELING B en C	Punt
5	I/B/F	12
6	T/S/R	7
TOTAAL:		19

- Halwe punte word per afdeling afgerond.

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: OPSTELTIPES

VERHALENDE OPSTEL

- Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede).
- Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

- Die inleiding moet die leser se aandag vasvang.
- Die vertel-/storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde (retoriese stylmiddele) word op so 'n manier gebruik dat die leser graag verder wil lees.
- Chronologiese of a-chronologiese opbou tot by die hoogtepunt en die daaropvolgende afloop van gebeure behoort voor te kom.
- Die verhaal word realisties en met entoesiasme geskryf.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf of kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- 'n Buitengewone slot rond dit finaal af.
- Kru taal word nie toegelaat nie.

BESKRYWENDE OPSTEL

- Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

- 'n Suksesvolle beskrywende opstel konsentreer op sintuiglike besonderhede soos sig, klank, smaak, reuk en sensasie.
- 'n Goeie woordeskat is nodig vir raak beskrywings.
- Die opstel is meer as net die opnoem van waarnemings. Insig, begrip, eie beleving en sinvolheid geniet aandag.
- Plekke, gebeure en karakters word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word op 'n oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Kru taal word nie toegelaat nie.

BEREDENERENDE OPSTEL

- Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van albei kante van 'n argument te gee.
- Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en gee dan argumente vir of teen die stelling. Dit word altyd onpartydig aangebied.
- Die skrywer mag 'n spesifieke standpunt inneem aan die einde van die opstel, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd wees.

- Die skrywer moet BEIDE kante van die argument verstaan, daarvoor nadink op 'n onpartydige en goed ingeligte manier en daarvoor redeneer.
- Die styl moet duidelik, rasioneel en objektief wees.
- Ondersteunende stellings moet behoorlik deurdink word.
- Die toon is nie emosioneel nie.
- Die toon is oortuigend sonder om neerhalend te wees.
- Die skrywer mag aan die einde 'n aanduiding van sy/haar gesigspunt gee, maar dit mag slegs in die slot wees.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- 'n Gevolgtrekking word bereik in die slot.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Kru taal word nie toegelaat nie.

BESPIEGELENDENDE OPSTEL

- Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid/n herinnering en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer.
- Bespiegel oor/dink terug aan daardie droom, herinnering of lewenswaarheid.

- 'n Bespiegelende opstel sal subjektief wees.
- Gevoelens en emosies speel 'n baie belangrike rol.
- 'n Groot gedeelte van die opstel mag beskrywend wees.
- Hierdie beskrywings behoort lewendig te wees en moet daarop gemik wees om die herinneringe of gevoelens van die skrywer in die leser te laat herleef.
- Die gedagtes/idees/gevoelens wat uitgedruk word, behoort opreg en persoonlike betrokkenheid te toon.
- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink. Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg en 'n slotsom word gevorm (logies en sistematies).
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Kru taal word nie toegelaat nie.

ARGUMENTERENDE/BETOGENDE OPSTEL

- Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer.
- Die skrywer se mening moet deurgaans duidelik wees.
- Dit is 'n subjektiewe opstel waarin die skrywer probeer om die leser te oortuig om sy/haar gesigspunt te deel.
- NB: Hierdie opstel verskil van die beredenerende opstel waar daar NIE van die begin af stelling ingeneem word vir of teen 'n argument NIE.

- Die skrywer gee 'n subjektiewe mening omtrent die onderwerp op 'n baie oorspronklike en treffende manier.
- 'n Reeks argumente om 'n gesigspunt te steun, word gegee en gemotiveer. Die skrywer konsentreer gewoonlik op argumente vir of teen 'n standpunt. Die teenoorgestelde gesigspunt kan genoem word om meer steun aan 'n eie mening te gee.
- 'n Verskeidenheid retoriese stylfigure sal die gehalte van die opstel verbeter.
- Die kandidaat moet van oorredingstegnieke gebruik maak.
- Sterk gevoelstaal sal gebruik word, maar mag nooit kru wees nie.
- Die slot moet 'n sterk, duidelike en oortuigende stelling wees wat die skrywer se gesigspunt bevestig.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie.** 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

VR	VERH	D	BESKR.	D	BERED.	D	BESP.	D	ARG.	D
1.1	✓	2	✓	2		3		3		3
1.2	✓	2	✓	2		3	✓	3		3
1.3	✓	2	✓	2		3		3	✓	3
1.4	✓	2	✓	2		3	✓	3		3
1.5	✓	2	✓	2	✓	3		3	✓	3
1.6.1	✓	3	✓	3	✓	3	✓	3	✓	3
1.6.2	✓	3	✓	3	✓	3	✓	3	✓	3
1.6.3	✓	3	✓	3	✓	3	✓	3	✓	3

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2****2.1 KOERANTARTIKEL**

- Feite of inligting kan in 'n koerantartikel gegee word. Daar is 'n ooreenkoms tussen 'n feitelike opstel en 'n artikel.
- Die titel vat die onderwerp saam.
- 'n Subtitel kan ook gegee word.
- Die tema of onderwerp is aktueel, prikkel dus die leser se belangstelling en word interessant aangebied.
- Deeglike kennis en navorsing oor die onderwerp is belangrik. Die inhoud/inligting is dus logies/duidelik uiteengesit en is betroubaar.
- Feite kan opspraakwekkend wees.
- Die berig word in die bedrywende vorm geskryf en die woorde/taal moet eenvoudig/maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet dus in gedagte gehou word.
- Die styl is gemaklik, maar moenie te informeel wees nie.

FORMAAT

- Die titel/opskrif is kort en treffend en pas by die onderwerp.
- Die omgekeerde piramide-metode word gebruik, m.a.w. die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee: Wie, wat, waar, wanneer, waarom?
- Die koerantartikel kan in paragrawe of in kolomme aangebied word.
- Die wie, wat, waar, wanneer en waarom word in die volgende paragrawe uitgebrei.
- Die slot vat die artikel saam.

OPSKRIF: Kort en treffend en pas by die onderwerp, nl. om sms-taal se voordele en nadele uit te lig.

Inleidingsparagraaf: Verduidelik wat in die artikel bespreek gaan word.

XXX

Paragraaf 2 en verder:

- Die voor- en nadele word duidelik en stap vir stap uiteengesit.
- Taal is eenvoudig en duidelik.

XXX

Slotparagraaf: Vat die artikel saam.

2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

- Die vriendskaplike brief hanteer die inhoud m.b.t. taalgebruik en styl informeel en gemaklik en neem die teikenpersoon in aanmerking – dit is persoonlik, openhartig en vriendelik.
- Spreek die ontvanger direk aan. Die inhoud moet lewendig en interessant wees.
- Die toon en register moet pas by die verhouding tussen die briefskrywer en die ontvanger van die brief.
- Vermyn slordige taal en slengwoorde.
- Indien 'n Engelse woord onvermydelik is, moet aanhalingstekens gebruik word.

FORMAAT

Die formaat van die brief moet korrek wees:

Leestekens: Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

Die adres en datum:

- Die adres van die skrywer word regs, boaan in blokvorm geskryf.
- Daar word nie 'n reël tussen die poskode en die datum ooggelaat nie.
- Die datum word voluit geskryf: 10 November 2010.
- Let op die verskillende wyses hieronder waarop die adres geskryf kan word.

Die aanhef, afsluiting en slot:

- Aanhef: “Beste” of “Liewe” word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/Liefdegroete kry nie 'n **punt** aan die einde nie.
- Daar word nie 'n reël tussen: Jou vriend/vriendin en die naam ooggelaat nie.
- Die omskrywing “Jou vriend(in)” voor die briefskrywer se naam is opsioneel.

Die paragrawe:

- 'n Reël word tussen elke paragraaf ooggelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik en moet 'n skakel tussen die briefskrywer en die ontvanger van die brief wees.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief. Die skrywer noem sy/haar vrese. Die uitdagings van die grootmenswêreld word genoem, asook of die spreker gereed is daarvoor of nie.
- Die slotparagraaf moet die brief saamvat en dalk ook 'n rede gee hoekom die persoon vir jou moet terugskryf.

VOORBEELD

	Posbus 14 Bloemhof 6220 10 November 2010
XXX Beste/Liewe Tom XXX Inleidingsparagraaf: Gee die rede vir die brief duidelik; laat hierdie paragraaf 'n skakel wees tussen die onderwerp en die ontvanger van die brief. XXX Paragraaf 2: Brei uit op die rede vir die brief. XXX Paragraaf 3: Brei verder uit op die rede vir die brief. XXX Slotparagraaf: Vat die inhoud van die brief saam en gee dalk ook 'n rede hoekom die ontvanger moet terugskryf. XXX Liefdegroete/Beste wense XXX Jou vriend/vriendin Naam (geen punktuasie nie)	

Voorbeelde van die brieffskrywer se adres:

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 342	Plot 588
Uitbreiding/Voorstad	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Pleknaam	Kode	Kode	Kode
Kode			
Rusthof	Sewendelaan 10 OF Sewende Laan 10		
Pleknaam	Westdene		
Kode	Kode		

Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit 'n samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia straat** is 'n samestelling tussen 'n eienaam en 'n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat. (AWS, 2009 bl.121)

Geen Engels behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

(MEMORANDUMBESPREKING: Die voorstad/uitbreiding/pleknaam sal bespreek word na gelang van die geografiese ligging.)

2.3 TOESPRAAK

- Toesprake word gewoonlik gelewer by meer formele/georganiseerde samekomste, bv. troues, begrafnisse, seremonies, partytjies en prysuitdelings. Die taal, styl en register moet by die gehoor en die onderwerp pas.
- Die doel van die toespraak is gewoonlik om in te lig, om te vermaak, om aan te moedig of om te oortuig. Interessante voorbeelde en aanhalings maak die toespraak interessant. Maak gebruik van formele spreektaal. Kort en kragtige sinne het trefkrag.
- Die inhoud moet georden en logies wees: Daar moet 'n duidelike spanningslyn wees of die inhoud moet in 'n stygende orde van belangrikheid aangebied word. Koherensie (samehang) is baie belangrik.

FORMAAT

- **Inleidende paragraaf:** Die onderwerp word ingelei en die gehoor se aandag word getrek. Die inleiding moet só interessant wees dat dit die gehoor se aandag onmiddellik boei. Die inleidende sin is baie belangrik.
- **Paragraaf 2 en verder:** Die onderwerp word in verskillende hoofpunte verdeel en dit word in verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek. Elke paragraaf handel (verkieslik) oor 'n nuwe feit.
- **Slotparagraaf:** 'n Treffende slot som die onderwerp op. Die slot moet die gehoor prikkel en oortuig.

VOORBEELD

Geagte ...: Die spreker groet die gehoor en stel die skrywer treffend voor.

XXX

Inleidende paragraaf: Inleidende sin is interessant, boeiend.

XXX

Paragraaf 2: Begin met bekendstelling van die skrywer (uit CV).

Maak seker inligting is georden en logies.

Sorg vir 'n definitiewe spanningslyn deur die belangrikste/interessante feit vir laaste te los.

Hou sinne kort en kragtig.

Laat gedagtes mooi saamhang.

Hou spreektaal gemaklik, maar nie te informeel nie.

XXX

Paragraaf 3 en verder: Elke paragraaf (verkieslik) 'n nuwe feit.

XXX

Slot: Prikkel en oortuig die gehoor dat hulle die toespraak gaan geniet. Dit vorm die slotparagraaf.

2.4 **PAMFLET**

- Dit word normaalweg aan albei kante van 'n A4-bladsy gedruk en word so ontwerp dat soveel moontlik inligting gegee kan word.
- Dit kan illustrasies/of grafiese inligting bevat en daar word gebruik gemaak van verskillende lettertipes, lettergroottes, ens.
- Die inligting is objektief, logies en samehangend uiteengesit.
- Die taalgebruik en styl pas by die gedagte van inligting verskaf/oordra.

FORMAAT

- Die A4-bladsy word horisontaal in twee dele verdeel.
- Die een deel stel die voorkant voor en die ander deel die agterkant.
- Die voorkant bevat die hoofopskrif, redes (motivering) waarom water bespaar moet word en 'n logo of 'n gepaste tekening.
- Die agterkant bevat inligting oor wie water moet bespaar en ten minste 8 wenke oor waterbesparing (8 maniere hoe water bespaar kan word).
- Die voorkant moet interessant wees en die leser se aandag trek.
- Die res van die inligting is sistematies georden. Die inligting sluit in o.a. dat SA 'n land met waterskaarste is. Klem word gelê op hoe ons/mense water kan bespaar.
- Die inligting kan in paragrawe, puntvorm of grafies aangebied word, en in kombinasie.

VOORBEELD

<p>VOORKANT</p> <p>HOOFOPSKRIF: Bv. Bespaar water – dis jou plig!</p> <div style="border: 1px solid black; width: fit-content; margin: 10px auto; padding: 5px;"> <p>Bv. tekening van 'n kraan</p> </div> <p>Kort paragraaf met 1 of 2 redes waarom ons water moet bespaar.</p>
<p style="text-align: center;">AGTERKANT</p> <p>Wie water moet bespaar, bv. huishoudings, besighede, fabriek.</p> <p>Wenke om water te bespaar, bv.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stort eerder as bad. • Vang water uit die stort in emmers op. • Sit tuinslange weg. • Moenie sproeiers gebruik nie. • Gebruik water uit 'n emmer as jy jou motor was. • Moenie swembaddens vol maak nie. • Plant plante wat bestand is teen droogte. • Meld stukkende waterpype aan. • Maak lekkende krane heel.

ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
2.1	Koerantartikel	3
2.2	Vriendskaplike brief	2
2.3	Toespraak	2
2.4	Pamflet	3

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste**3.1 POSKAART**

- Die doel van 'n poskaart is om met 'n vriend/vriendin te kommunikeer.
- Die toon en register moet pas by die verhouding tussen die poskaartsrywer en die ontvanger.
- Die poskaart se inhoud is kort en die taalgebruik informeel en gemaklik. Dit hou deurentyd die teikengroep in gedagte: dit is persoonlik, openhartig en vriendelik.
- Dit spreek die ontvanger direk aan en moet lewendig en interessant wees.
- Vermoed slordige taal en slengwoorde.
- Indien 'n Engelse woord onvermydelik is, moet aanhalingstekens gebruik word.

FORMAAT

Die formaat van die poskaart moet korrek wees:

Die adres en datum:

- 'n Eie adres/pleknaam is opsioneel.
- Die datum moet gegee word en dit word voluit geskryf: 10 November 2010.
- Die ontvanger se naam en adres is verpligtend en moet volledig wees.

Die aanhef, afsluiting en slot:

- Die ontvanger en die skrywer se name vorm die aanhef en die slot.
- Die afsluiting is opsioneel.

Die paragrawe:

- Daar is nie veel sprake van paragrawe nie, omdat daar min plek is.
- Reëls hoef nie tussen die verskillende paragrawe opgelaat te word nie.
- Die sinne is kort en soms kripties en net die heel interessantste inligting word gegee.

VOORBEELD

Port Elizabeth (Opsioneel) 2 Augustus 2010 XXX Beste/Liewe Andrew XXX Jy kan spyt wees jy het nie die eindwedstryd van die sokkertoernooi bygewoon nie. Die atmosfeer op die pawiljoen was ... XXX Sien jou een van die dae! XXX David	Naam van ontvanger Adres (Moet korrek wees)
--	---

3.2 INFORMELE UITNODIGING

- Die doel is om gaste uit te nooi na 'n funksie of 'n geleentheid.
- Die inhoud is kort en die taal formeel/informeel na gelang van die tipe uitnodiging.
- Die toon en register moet pas by die verhouding tussen die persoon wat die uitnodiging rig en die ontvanger daarvan. Dit spreek die ontvanger direk aan en is persoonlik en vriendelik.
- Vermyn slordige taal en slengwoorde.

FORMAAT

Die doel is om gaste uit te nooi na 'n agtiende verjaarsdagpartytjie en bevat inligting oor wat, waar, wanneer, hoe laat en watter kleredrag geskik is en wat saamgebring moet word. Die volgende inligting moet in die uitnodiging verskyn:

- Wie word genooi?
- Waarvoor? Wat is die geleentheid?
- Wanneer: dag, datum en tyd?
- Hoe lank gaan die partytjie aanhou?
- Adres: Straatnaam en -nommer.
- Die tema van die partytjie?
- Wat moet saamgebring word?
- Enige oorslaapreëlings?
- Teen wanneer moet jy op die uitnodiging reageer?
- Kontakbesonderhede?
- Die roetekaart word gebruik om rigting te verduidelik.

VOORBEELD

Liewe ...

Ek nooi jou en jou metgesel hartlik uit na my agtiende verjaardagpartytjie. Die partytjie is Vrydag, 14 Desember, om 19:00 by ons huis in Madibalaan 17.

Wees kreatief, want die tema is 'n maskerbal.

Bring asseblief jou eie drankies. My ma sal vir die res sorg.

Ons gaan jol tot 24:00, maar as jy wil oorslaap, ...

Antwoord asseblief voor 1 Desember 2010.

As jy meer wil weet, skakel my gerus. (Lerato 084 274 8856)

Vir diegene wat nie wie weet waar ek woon nie:

Ry van die skool af in Kerkstraat op tot by Dorpstraat waar jy regs draai.

Draai dan weer regs by Nelstraat en links by Mbekiryalaan. Draai dan weer regs in Madibalaan (doodloopstraat) en ry reguit aan tot by die laaste huis, nommer 17. Daar staan 'n hoë denneboom voor die huis.

Sien julle daar!

3.3 KLEINADVERTENSIES

- 'n Advertensie berus op die sogenaamde **ABBA**-beginsel.
 - 'n Advertensie moet onmiddellik die leser se **aandag** trek.
 - Die leser se **belangstelling** vir die produk moet gewek word: oortuig die leser om die produk te koop of van die diens gebruik te maak.
 - Die advertensie moet 'n **begeerte** by die leser wek.
 - As die advertensie in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan.
- Die krag van 'n advertensie lê in sy eenvoud. Die vrae wat beantwoord moet word, is: wat, waar, wat alles en vir wie?
- Lettergroottes en lettertipes is baie belangrik. (Uitleg is belangrik)
- Dit gee dus net die noodsaaklike inligting oor die produk.

FORMAAT

- Sê presies wat geadverteer word: die inligting is volledig.
- Geen volsinne nie, want die inligting word kripties gestel.
- Gee prys wat verlang word waar toepaslik.
- Gee kontakbesonderhede.

VOORBEELD

<p style="text-align: center;">3.3.1 MOTOR TE KOOP</p> <p>Minimum inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Fabrikaat • Model/jaar • Kleur • Kilometer • Ekstras • Prys • Kontakbesonderhede <p>Bv. Honda Civic VXI. Wit. 2008-model. 100 000 km. Outomatiese ratkas. Nuwe bande. Sitplekoortreksels ingesluit. R175 00 of naaste aanbod./o.n.a. Skakel André 082 112 3345</p>	<p style="text-align: center;">3.3.2 HUIS TE HUUR GEVRA</p> <p>Minimum inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ligging • Grootte • Ekstras • Datum beskikbaar • Bedrag vir huur • Kontakbesonderhede <p>Bv. Delportshoop en omgewing. 3 slaapkamers. 2 badkamers. 2 motorhuise/-afdakke. Diefwering. Beskikbaar 1 Desember 2010. Maksimum R7 500 per maand. Skakel Dawn 051 844 3232</p>
<p style="text-align: center;">3.3.3 WERK AANGEBIED</p> <p>Minimum inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tipe werk • Vereistes/kwalifikasies • Werksure • Kontakbesonderhede <p>Bv. Kassiere. Supermark. Betroubaar. Lief vir mense. Kennis van basiese boekhouding. Ouderdom: 18 – 40. Matriek. Werksure van 7:00 – 15:00. Eie vervoer. Skakel Spiros 079 706 889</p>	<p style="text-align: center;">3.3.4 VERLORE</p> <p>Minimum inligting:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wat weg is • Raak beskrywing • Beloning • Kontakbesonderhede <p>Bv. Kruis Jack Russel/worshond. Reun. Weggeraak in Empangeni- omgewing. Spring op 3 bene. Reageer op die naam "Rusty". Beloning word aangebied. Skakel Naomi 082 122 6543</p>

**ONTLEDING VAN KORTER TEKS: NASLAAN, INFORMATIEWE EN
TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
3.1	Poskaart	1
3.2	Uitnodiging	1
3.3	Kleinadvertensies	2

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

KONTROLELYS VIR OPSTEL EN MODERERING

ALGEMENE NKV-BEGINSELS	VRAAGNOMMER	KOMMENTAAR
1. Sosiale transformasie	Afdeling A, B en C	
2. Uitkomsgebaseerde onderwys	Afdeling A, B en C	As uitvloeisel van UGO
3. Hoë kennis/vaardigheid	Afdeling A, B en C	
4. Integrasie	Afdeling A, B en C	
5. Progresssie	Vlgs. NKV van gr. 10 – 12	
6. Artikulasie/oordraagbaarheid	Indien kandidaat voldoen aan vereistes	
7. Menseregte/inklusiwiteit/omgewings-/sosiale geregtigheid	Afdeling A, B en C	
8. Waardering vir inheemse	Afdeling A, B en C	
9. Geloofwaardigheid/kwaliteit/doeltreffendheid	Afdeling A, B en C	

Uitkomsgebaseerde onderwys: KRITIEKE UITKOMSTE	VRAAGNOMMER	KOMMENTAAR
1. Identifiseer/los probleme op	1.1 1.2 1.3 1.4 1.6 2.1 2.3 3.1 3.3	
2. Werk doeltreffend in groep(e)	Nie van toepassing nie	Eksamen
3. Organiseer en bestuur die self	1.1 1.2 1.3 1.4 1.6 2.1 2.2 2.4 3.1 3.2 3.3	
4. Inligting versamel, ontleed, organiseer en evalueer	Afdeling A, B en C	
5. Kommunikeer doeltreffend	Afdeling A, B en C	
6. Gebruik wet./tegn. doeltreffend	1.2 1.6.2 2.1 2.4 3.3	
7. Die wêreld as sisteem: probleme nie in isolasie nie	1.1 1.6.2 1.6.3 2.1 2.2 2.4 3.3	Uitreik na ander

Uitkomsgebaseerde onderwys: ONTWIKKELINGSUITKOMSTE	VRAAGNOMMER	KOMMENTAAR
1. Verskillende leerstrategieë	Afdeling A, B en C	
2. Verantwoordelike burgerskap	1.1 1.2 1.3 1.4 1.5 1.6 2.1 2.2 2.3 2.4 3.1 3.3	
3. Kultureel/esteties sensitief	1.1 1.2 1.3 1.4 1.5 1.6 2.1 2.2 2.3 2.4 3.1 3.2 3.3	
4. Beroepsmoontlikhede	1.1 1.2 1.4 1.5 1.6 2.3 3.3	
5. Entrepreneurskap	1.1 1.2 1.4 1.5 1.6.1 1.6.2 2.1 2.3	

**OPSOMMING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN VRAE IN VRAESTEL 3:
NOVEMBER 2010**

SKRYF	TIPE SKRYFSTUK	LU 3 Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en verskillende kontekste te gebruik.	ONDERWERP	AANBIEDING	UITDAGING	TOTAAL	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
AFDELING A VRAAG 1	OPSTEL	AS <ul style="list-style-type: none"> ■ Beplan volgens doel, teikengroep en konteks. ■ Toon gebruik van skryfstrategieë. ■ Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan. 							
1.1	Verh./Beskr.		2	2	2	6		X	
1.2	Verh./Beskr./Besp.		2	2	2	6		X	
1.3	Verh./Beskr./Arg.		2	3	2	7			X
1.4	Verh./Beskr./Besp.		1	2	2	5		X	
1.5	Verh./Beskr./Bered./Arg.		3	3	3	9			X
1.6.1 – 1.6.3	Al vyf tipes		2	3	3	7			X
AFDELING B VRAAG 2	LANGER TRANSAK-SIONELE TEKSTE								
2.1	Koerantartikel		2	3	3	8			X
2.2	Vriendskaplike brief		1	2	2	5		X	
2.3	Geskrewe toespraak		2	2	2	6		X	
2.4	Pamflet		2	3	3	8			X
AFDELING C VRAAG 3	TRANSAK-SIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE								
3.1	Poskaart		1	1	1	3	X		
3.2	Informeel uitnodiging		1	1	1	3	X		
3.3	Kleinadvertensies		2	2	2	6		X	
15 onderwerpe/keuses	13 tipes skryfstukke								
Persentasies							2/14= 14.5%	7/14= 50%	5/14= 35.5%

1 – 3 = denkvlak 1

4 – 6 = denkvlak 2

7 – 10 = denkvlak 3

AFDELING A: OPSTEL

50 PUNTE	Baie goed – Puik KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	Goed KODE 6 Verderstelik 70 – 79%	Bo-gemid. KODE 5 Beduidend 60 – 69%	Gemiddeld KODE 4 Voldoende 50 – 59%	Ondergemid. KODE 3 Matig 40 – 49%
INHOUD EN BEPLANNING 32 PUNTE	<u>26 – 32</u> -Inhoud toon uitstekende interpretasie van onderwerp. -Ideeë uitdagend en volwasse. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste opstel.	<u>22½ – 25½</u> -Inhoud toon goeie interpretasie van onderwerp. -Ideeë interessant en verbeeldingryk. -Beplanning en/of eerste poging lei tot goedsaamgestelde, gepaste opstel.	<u>19½ – 22</u> -Inhoud toon bogemiddelde interpretasie van onderwerp. -Ideeë interessant en oortuigend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie, gepaste opstel.	<u>16 – 19</u> -Inhoud toon 'n voldoende interpretasie van onderwerp. -Ideeë gewoon en diepte ontbreek. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende opstel/aanbieding.	<u>13 – 15½</u> -Inhoud toon ondergemiddelde interpretasie. -Leemtes in samehang. -Ideeë meestal relevant, herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot ondergemiddelde, dog redelik verstaanbare opstel.
TAAL, STYL EN REDIGERING 12 PUNTE	<u>10 – 12</u> -Toon kritiese taalbewustheid. -Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. Maak van figuurlike taal gebruik. -Woordkeuse hoogs toepaslik/uitmuntend. -Styl, toon en register is hoogs gepas. -Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering.	<u>8½ – 9½</u> -Toon kritiese taalbewustheid. -Korrekte gebruik van taal en punktuasie. Kan figuurlike taal gebruik in korrekte konteks. -h Variasie in woordkeuse en word korrek gebruik. -Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp. -Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering.	<u>7½ – 8</u> -Daar is bewyse van kritiese taalbewustheid. -Taal en punktuasie: meestal korrek. -Woordkeuse is gepas vir opstel. -Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp. -Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering.	<u>6 – 7</u> -h Aanduiging van kritiese taalbewustheid. -Taal bate eenvoudige punktuasie en voldoende. -Woordkeuse voldoende. -Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. -Opstel het steeds foute na proeflees en redigering.	<u>5 – 5½</u> -Beprikte kritiese taalbewustheid. -Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik. -Woordkeuse basies. -Styl, toon en register toon gebrek aan samehang. -Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering.
STRUKTUUR 6 PUNTE	<u>5 – 6</u> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrawe samehangend saamgestel. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<u>4½</u> -Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrafering: samehangend, goed gekonstrueer/saamgestel. -Lengte is korrek.	<u>4</u> -Ontwikkeling van onderwerp samehangend en logiese ontwikkeling van details. -h Verskeidenheid tipes sinne en paragrawe skakel logies. -Lengte is korrek.	<u>3</u> -Onderwerp bevat sommige ideeë, noodsaaklike details egter ingesluit. -Sinskonstruksie en paragrafering mag foute bevat, maar opstel maak nog sin. -Lengte is amper korrek.	<u>2½</u> -Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaaklike ideeë. -Sinskonstruksie en paragrafering foutief, maar ideeë is verstaanbaar. -Lengte is te kort/te lank.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

30 PUNTE	Baie goed — Puik KODE 7 Uitmuntend 80 – 100%	Goed KODE 6 Verdiensteelik 70 – 79%	Bogemiddeld KODE 5 Beduidend 60 – 69%	Gemiddeld KODE 4 Voldoende 50 – 59%	Ondergemiddeld KODE 3 Matig 40 – 49%	
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 20 PUNTE	<p>-Gespecialiseerde kennis van vereiste van teks.</p> <p>-Gedissiplineerde skryfwerk, behou deurgaans baie goeie fokus; geen afwykings nie.</p> <p>-Teks. algeheel samehangend. Alle detail ondersteun onderwerp.</p> <p>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutloos, gepaste teks.</p> <p>-Al die nodige reëls vir die formaat is uitstekend toegepas.</p>	<p>-Goeie kennis van vereistes van teks.</p> <p>-Gedissiplineerde skryfwerk, behou goeie fokus; byna geen afwykings nie.</p> <p>-Inhoud en idees samehangend. Alle detail ondersteun onderwerp.</p> <p>-Beplanning en/of eerste poging lei tot eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks.</p> <p>-Al die nodige reëls vir die formaat is goed toegepas.</p>	<p>-Redelike kennis van vereistes van teks.</p> <p>-Behou bogemiddelde fokus, onbenullige afwykings.</p> <p>-Inhoud en idees samehangend. Detail ondersteun onderwerp.</p> <p>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks.</p> <p>-Die toepassing van die meeste van die nodige reëls vir die formaat is bogemiddeld.</p>	<p>-Voldoende kennis van vereistes van teks.</p> <p>-Gemiddelde fokus, inhoud wyk effens af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie.</p> <p>-Inhoud en idees voldoende samehangend. Sommige van die detail ondersteun onderwerp.</p> <p>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks.</p> <p>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld/voldoende.</p>	<p>-n Gemiddelde kennis van vereistes van teks.</p> <p>Respons op geskrewe teks toon ondergemiddelde fokus.</p> <p>-Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag.</p> <p>-Inhoud en idees het leemtes in hul samehang.</p> <p>Basiese detail</p> <p>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n ondergemiddelde, dog redelik verstaanbare teks.</p> <p>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is ondergemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan.</p>	<p>-n Gemiddelde kennis van vereistes van teks.</p> <p>Respons op geskrewe teks toon ondergemiddelde fokus.</p> <p>-Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag.</p> <p>-Inhoud en idees het leemtes in hul samehang.</p> <p>Basiese detail</p> <p>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n ondergemiddelde, dog redelik verstaanbare teks.</p> <p>-Kennis van die nodige reëls vir die formaat is ondergemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan.</p>
TAAL, STYL EN REDIGERING 10 PUNTE	<p>-Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.</p> <p>-Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.</p> <p>-Styl, toon en register baie toepaslik.</p> <p>-Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.</p> <p>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes.</p>	<p>-Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.</p> <p>-Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.</p> <p>-Styl, toon en register meestal toepaslik.</p> <p>-Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.</p> <p>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes.</p>	<p>-Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel.</p> <p>-Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.</p> <p>-Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.</p> <p>-Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.</p> <p>-Lengte is in ooreenstemming met vereistes.</p>	<p>-Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.</p> <p>-Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.</p> <p>-Styl, toon en register voldoende.</p> <p>-Teks het steeds foute na proeflees en redigering.</p> <p>-Lengte is amper korrek.</p>	<p>-Teks is basies saamgestel. Verskeie foute.</p> <p>-Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie.</p> <p>-Styl, toon en register toon gebreke.</p> <p>-Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.</p> <p>-Lengte is te kort/te lank.</p>	<p>-Teks is basies saamgestel. Verskeie foute.</p> <p>-Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie.</p> <p>-Styl, toon en register toon gebreke.</p> <p>-Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.</p> <p>-Lengte is te kort/te lank.</p>

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

20 PUNTE	Baie goed - Puik KODE 7 Uitmuntend 80 – 100% $10\frac{1}{2} - 13$	Goed KODE 6 Verdiensteelik 70 – 79% $9\frac{1}{2} - 10$	Bo-gemiddeld KODE 5: Beduidend 60 – 69% $8 - 9$	Gemiddeld KODE 4 Voldoende 50 – 59% $6\frac{1}{2} - 7\frac{1}{2}$	Ondergemiddeld KODE 3 Matig 40 – 49% $5\frac{1}{2} - 6$
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 13 PUNTE	-Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans baie goeie fokus, geen afwykings nie. -Inhoud en idees is algeheel samehangend; alle detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ulitmuntend.	-Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou goeie fokus, byna geen afwykings nie. -Inhoud en idees is samehangend, alle detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/verdiensteelik.	-Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou bo-gemiddelde fokus, onbenullige afwykings. -Inhoud en idees is samehangend, details ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend.	-Gemiddelde kennis van vereistes van teks. -Gemiddelde fokus, inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. -Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. -Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	-Ondergemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n onder – gemiddelde fokus. -Inhoud wyk af van onderwerp. Betekenis is plek-plek vaag. -Inhoud en idees het leemtes in hul samehang; basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n onder-gemiddelde dog redelik, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is ondergemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaane.
TAAL, STYL EN REDIGERING 7 PUNTE	-Teks is grammatikaal akkuraat. Sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	-Teks is grammatikaal akkuraat. Sinne goed saamgestel. -Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	-Teks is grammatikaal maklik om te lees. Sinne is goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. -Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	-Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register voldoende. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek.	-Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/te lank.

Kopiereg voorbehou



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2010

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1

[Uit: *Huisgenoot*, 29 Oktober 2009]

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van 'n sangkompetisie waaraan jy deelgeneem het of 'n TV-sepie of 'n TV-drama waarin jy gespeel het.

[50]**OF**

1.2

Droom GROOT vir die toekoms

Skryf 'n opstel waarin jy vertel watter groot drome of ideale jy vir die toekoms het.

Dink aan:

- Wat jou drome/ideale vir die toekoms is
- Hoe jy hierdie drome/ideale 'n werklikheid gaan maak
- Hoe dit jou toekoms gaan beïnvloed

[50]**OF**

1.3

Lag is die beste medisyne



[Uit: *Image Library*]

Jy het een oggend opgestaan en gevoel die wêreld is teen jou.

Skryf 'n opstel waarin jy argumenteer dat lag goed is vir enige mens. Motiveer jou argument deur te vertel hoe 'n snaakse/grappige insident jou gehelp het om beter te voel.

Dink aan:

- Redes waarom lag goed is vir enige mens
- Hoe jy gevoel het voor die grappige insident
- Watter snaakse/grappige ding gebeur het
- Hoe jy gevoel het nadat jy lekker gelag het

[50]

OF

1.4 **DÍT HET DIE AFRIKAANSPERIODES SPESIAAL GEMAAK**

[Uit: Image Library]

Afrikaans was jou gunstelingvak op skool. Dis nou jare later en jy en jou ou skoolmaats gesels oor die Afrikaansperiodes. Skryf 'n opstel waarin julle terugdink of bespiegel oor wat hierdie periodes so spesiaal gemaak het.

[50]**OF**

1.5

Moet tieners geld verdien terwyl hulle nog op skool is?

Baie matrikulante werk saans, oor naweke en/of gedurende vakansies om geld te verdien.

Skryf 'n opstel waarin jy die voordele en nadele bespreek van matrikulante wat werk om geld te verdien.

Dink aan:

- Die redes waarom matrikulante wil/moet werk
- Watter invloed hierdie werk op hulle skoolwerk het
- Watter invloed hierdie werk op hulle sosiale lewens het

[50]**OF**

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1



[Uit: Image Library]

[50]

OF

1.6.2




[Uit: Image Library]

[50]

OF

1.6.3



[Uit: *Image Library*]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 KOERANTARTIKEL

Grootmense is bekommerd oor tieners wat heeldag sms'e stuur. Die grootmense sê dit is sms-taal se skuld dat tieners so swak spel, maar tieners sê sms-taal het baie meer voordele as nadele.

Skryf 'n **artikel** vir julle **skoolkoerant** waarin jy die **VOORDELE** en **NADELE** van sms-taal aan die lesers verduidelik.



[Uit: *Die Burger*, 18 Junie 2009]

[30]

OF

2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy sit gereeld en wonder wat na matriek vir jou in die grootmensewêreld wag. Jy raak bang as jy aan al die moontlikhede dink.

Skryf 'n **brief** aan 'n vriend of vriendin waarin jy sê wat jou bang maak en hoekom jy so bang is vir die grootmensewêreld wat op jou wag.

Dink aan:

- Die uitdagings van die toekoms
- Hoe gereed jy is vir die grootmensewêreld

[30]

OF

2.3 TOESPRAAK

Julle Afrikaansdepartement het een van die skrywers van julle voorgeskrewe werke genooi om die graad 12-leerders te kom toespreek.

Skryf 'n **toespraak** waarin jy die skrywer aan die graad 12-leerders voorstel.


Dink aan:

- Hoe jy die skrywer gaan verwelkom
- Wat jy wil sê uit die skrywer se CV
- Watter deel van die boek/verhaal julle die meeste geniet het
- Watter probleme julle met sekere dele uit die boek gehad het
- Watter vrae julle graag aan die skrywer wil vra oor die boek/verhaal
- Hoe die graad 12-leerders die skrywer se werk geniet het

[30]**OF**

2.4 PAMFLET

Daar is droogte in groot dele van ons land, maar die mense mors nog steeds baie water.



[Uit: *Image Library*]

Ontwerp 'n **pamflet** namens die munisipaliteit waarin jy wenke aan die mense gee hoe om water te bespaar.

Verdeel die bladsy van jou antwoordeboek in twee dele. Die boonste deel moet die voorkant voorstel en die onderste deel die agterkant, byvoorbeeld:

VOORKANT
<ul style="list-style-type: none">• Hoofopskrif van die pamflet• Redes waarom ons water moet bespaar• 'n Gepaste tekening om die vermorsing van water te illustreer
AGTERKANT
<ul style="list-style-type: none">• Wie moet water bespaar• Ten minste 8 wenke hoe om water te bespaar

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 3

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 POSKAART

Jy het die eindstryd van die Wêreldbekersokker bygewoon.



[Uit: Image Library]

Teken die **poskaart** in jou antwoordeboek.

Skryf dan 'n poskaart aan jou vriend/vriendin wat nie die sokkereindstryd kon bywoon nie. Vertel van die **ATMOSFEER** op die pawiljoen gedurende die eindstryd.

	<input type="checkbox"/>

[20]


3.2 INFORMELE UITNODIGING

Jou ouers het ingestem dat jy vir jou agtiende verjaardag 'n partytjie by julle huis mag hou.

Skryf die **informele uitnodiging** en verduidelik die roete vanaf die skool na julle huis toe soos die pyltjies aandui.

Dink aan:





- Die dag, datum en tyd
- Adres
- Die tema van die partytjie
- Wat jou gaste moet saambring
- Hoe lank die partytjie gaan aanhou
- Ander reëlings, byvoorbeeld, as iemand wil oorslaap
- Kontakbesonderhede
- Roete vanaf die skool na Madibalaan 17 (Verduidelik kortliks.)



OF

3.3 KLEINADVERTENSIES

Skryf die **kleinadvertensies** vir 3.3.1 – 3.3.4 hieronder neer. Elke advertensie moet 20 – 25 woorde wees. Skryf elke keer die nommer en die opskrif van die advertensie neer.

<p>3.3.1</p>  <p>MOTOR TE KOOP</p>	<p>3.3.2</p>  <p>HUIS TE HUUR GEVRA</p>
<p>3.3.3</p>  <p>WERK AANGEBIED</p>	<p>3.3.4</p>  <p>VERLORE</p>

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100